

DS. DIRK VAN DER HOFF EN DIE VOORTREKKER-IDEAAL.

Ds. Van der Hoff het hom met sy koms in Suid-Afrika in 1852 voor 'n beslissende keuse gevind. Hierdie keuse was nie soseer kerklik nie as wel staatkundig van aard, maar dit sou vir hom ingrypende en verstrekkende gevolge hê. Hy moes kies of hy hom met die staatkundige ideaal van die Voortrekkers wou vereenselwig en sy lot by hulle wou inwerp, of anders, of hy hom met die staatkundige en geestelike stroming wou vereenselwig wat teen daardie Voortrekker-ideaal gerig was, dit bestry het en dit wou vernietig. Die Voortrekkers het die Kaapkolonie nie uit vyandskap teen die Engelse verlaat nie, nie uit afkeer teen die Kaapse Kerk nie. Hulle beweegredes vir die Trek was nie negatief nie maar positief. Hulle het die Kaapkolonie verlaat omdat hulle hulself wou wees en hulself wou bly. Hierdie ideaal kon alleen in 'n eie selfstandige Staat verwesenlik word. Hulle was nie

¹⁸⁷⁾ S. P. Engelbrecht: „Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Potchefstroom 1842-1942.” Pretoria, s.j. Adres aan ds. D. van der Hoff van die Kommissie van die Algemene Vergadering, Potchefstroom, 27.5.1878. Bls. 107.

¹⁸⁸⁾ Kyk o.m. „1842-1942 Eeufees-Toesprake,” uitgegee deur ds. J. G. M. Dreyer en prof. dr. S. P. Engelbrecht, Pretoria, s.j., bls. 24 en ds. Joh. Dreyer in „Die Hervormer” van Mei 1953: „Eervolle Hulde aan Ds. Dirk van der Hoff”.

anti-Engels nie, maar ieder keer as die Britse mag hierdie ideaal in die pad gestaan het, het hulle Engeland met wapengeweld weerstaan, hoe gering hul getalle ook al was. Hulle was nie gekant teen die Kaapse Kerk as sulks nie, maar telkens as die Kaapse Kerk hom as instrument in die Britse hand laat gebruik het om hulle ideaal te vernietig, het hulle die Kaapse sinodale jurisdiksie openlik weerstaan as iets gevaarliks vir hulle staatkundige strewes. Die Kaapse Kerk was beslis teen die Groot Trek gekant, en sy belangstelling vir die Trekkers was alleen tot daardie dele beperk waar die Britse vlag hulle agterhaal het. In 1837 het die Sinode in 'n Herderlike Brief officieel teen die Trek gewaarsku en die Voortrekkers „nomaden” genoem. Die Kaapse Kerk het in die Britse vlag 'n geestelike heil gesien, en daarom het die Ring van Transgarië wat 'n onderdeel van die Kaapse Sinode was, op 13 Oktober 1853 te Bloemfontein die beweging wat hom teen die totstandkoming van 'n Vrystaatse Republiek verset het, openlik gesteun deur 'n „doelmatig document” te dien effekte aan die outoriteite in Engeland en aan die spesiale kommissaris, sir George Russell Clark, te stuur.¹⁾ Dit is dan ook verstaanbaar dat daar in Transvaal, waar die Britse vlag die Voortrekkers nie agterhaal het nie, 'n vervreemding van die Kaapse Kerk gekom het. In die volgende bladsye word 'n beskrywing gegee van die keus wat ds. Van der Hoff gedoen het, en hoe hy aan die eenmaal gedane keus getrou gebly het.

Die voorgeslag van ds. Dirk van der Hoff het in die sewentiende eeu in die Hervormde Gemeente Zevenbergen in die klassis Dordrecht gewoon. Die oudste stamvader wat nagespoor kon word was Pieter van der Hov getroud met Anna Joppe de Visscher. Hulle agste kind David is op 6 Desember 1711 in die Ned. Hervormde gemeente Zevenbergen gedoop en het later getrou met Adamina Hallewas en hulle oudste kind Pieter is op 27 November 1740 ook in Zevenbergen gedoop. Hierdie laasgenoemde Pieter was getroud met Teuntje van Waas en hulle vyfde kind, ook Pieter, is op 8 Junie 1777 ewe-eens in Zevenbergen gedoop. Hy is in 1810 te Dordrecht met Jacoba Bothyl getroud, wat daar in 1788 gebore is; sy was die dogter van Dirk Bothyl en Sophia Ryken. Pieter van der Hoff en Jacoba het in Dordrecht in die Voorstraat gewoon, en hy was winkelier van beroep.²⁾ Hulle tweede kind was Dirk, die latere Transvaalse predikant, gebore op 2 September 1814 en genoem na sy grootvader van moeders kant. Die ander kinders was Pieter, die oudste wat later majoor in die Nederlandse leër was,³⁾ Sophia, gebore 20 Desember 1819; Anna geb. 4 Junie 1823; David, geb. 3 Des. 1827 en Martinus geb. 1 Julie 1934. Toe ds. Van der Hoff in

1) Ringsnotule 13 Oktober 1853, art. 12.

2) Die portrette wat op bls. 17 van die Eeufees-Album 1842—1942 voorkom, is nie die grootouers van ds. Van der Hoff nie, maar van sy ouers. Sy moeder se portret op latere leeftyd kom met 'n artikel oor haar voor in die *Almanak* van die Ned. Herv. Kerk 1948, bls. 59—61.

3) *Almanak* Ned. Herv. Kerk 1948 bls. 62 waar sy portret voorkom.

1852 na Transvaal gegaan het, het hulle hom die een na die ander hierheen gevolg, ook sy moeder in 1861.

Dirk het op 18 April 1832 belydende lidmaat van die Ned. Hervormde gemeente van Dordrecht geword, en nadat hy die klasse aan die Latynse skool aldaar deurloop het, het hy na Leiden vertrek waar hy op 12 September 1833 as student in die teologie ingeskryf is, met die doel om predikant te word. Een van sy studievriende was sy stadgenoot J. P. Amersfoort⁴⁾ met wie hy 'n tyd lank in dieselfde huis in Leiden gewoon het.⁵⁾ Sy professore in Leiden was J. H. van der Palm, Joh. Clarisse, J. Voorst, W. A. van Hengel en N. C. Kist. In 1839 het hy sy kandidaatseksamen in die teologie afgelê en op 6 Mei 1840 is hy deur die Provinsiaal Kerkbestuur van Zuid-Holland tot die Evangeliebediening toegelaat. Met hierdie geleentheid het hy 'n preek gehou oor Handeling 4 verse 19 en 20.

In daardie dae was daar in Holland 'n oorvloed van proponente, baie meer as wat daar vakante gemeentes in die Kerk was, sodat verskillendes op die duur ander betrekkings moes soek omdat hulle geen beroepe kon kry nie.⁶⁾ Ook ds. Van der Hoff het vergeefs op 'n beroep gewag. In hierdie jare was hy in verskillende kantore werksaam en meermale het hy in die buiteland gereis. Op 25 Mei 1845 is hy te Hillegersberg in die huwelik bevestig met Anna Maria van Otterloo wat op 8 Mei 1817 te Dordrecht gebore is. Sy vader is op 7 Julie 1850 daar oorlede. In 1851 het Van der Hoff op die kantoor van die bekende Amsterdamse boekhandelaar Frederik Muller gewerk.

In hierdie tyd het professor U. G. Lauts in Nederland 'n predikant vir die Transvaalse Voortrekkers gesoek wat volslae herderloos was omdat die Kaapse Kerk hulle nie wou help nie. Dit was sewentien jaar gelede dat die eerste Voortrekkers die Kaapkolonie verlaat het, maar hulle is in Transvaal aan hulle lot oorgelaat omdat die Kaapse Kerk onsimpatiek gestaan het teenoor hulle strewe om onafhanklik van die Britse gesag te wees. Meermale het hulle probeer om uit Holland geholpe te raak. Lauts was met die beweging bekend en wou hulle help. In Junie 1852 het hy 'n brief van die Amsterdamse professor W. Moll gekry wat net soos Van der Hoff ook in Dordrecht gebore was. Moll het die aandag van Lauts op Van der Hoff gevestig wat van plan was om te probeer om in Indië of Suid-Afrika predikant te word. Toe Lauts die brief van professor Moll ontvang het, is hy dadelik na Amsterdam waar hy 'n persoonlike onderhoud met Van der Hoff gehad het, en

4) *Nieuw Nederl. Biographisch Woordenboek* deel I kol. 112—114. Nadat Amersfoort se vrou N. J. R. E. van Zijl in 1850 oorlede is, het hy 'n lang gedig vervaardig wat in groot-kwarto formaat as herinnering aan haar uitgegee is, in 88 bladsye. Die eksemplaar wat hy „aan zijnen Vriend D. van der Hoff, Predikant in Zuid-Afrika ten noorden de Vaalrivier” gegee het, is nog in die argief aanwesig.

5) Brief van Amersfoort aan president T. F. Burgers 7 Des. 1872.

6) In 1834 het daar selfs 'n brosjure verskyn: *Middelen ter plaatsing van een aanzienlijk getal proponenten, voorgeslagen door Philocandidatus.*

nadat daar nog 'n paar briewe tussen hulle gewissel is, het Lauts op 1 Julie 'n ooreenkoms met hom gesluit en hom namens die Transvaalse Volksraad as predikant vir die Hervormde Kerk in Transvaal aangestel teen 'n salaris van 1800 gulden per jaar, dus £150, terwyl Van der Hoff hom van sy kant verbind het om die betrekking vir minstens vyf jaar aan te neem. Lauts het vir sy hele uitrusting en sy reiskoste met sy vrou van Holland na Kaapstad gesorg. Professor Lauts het hom met die „Commissie voor de zaken der Protestantsche kerken in Nederlandsch Indië” in verbinding gestel met die versoek om Van der Hoff met die handoplegging te orden. In die sewentiende en agtiende eeu het die Classis Amsterdam die predikante vir Oos-Indië sowel as vir Suid-Afrika georden, maar in 1815 het hierdie Kommissie daarvoor in die plek gekom, en dit het ook die predikante vir die Kaapkolonie georden.⁷⁾ Eers na 1857 het die ordening van die kandidate in Suid-Afrika self plaas gevind. Die Kommissie vir Indiese Kerksake het Van der Hoff op 18 Augustus 1852 om vier uur in die namiddag „voor de Evangeliedienst bij de Kaapsche Boeren” met die handoplegging georden. Prof. Lauts het aan die Transvaalse Volksraad kennis gegee van die aanstaande koms van ds. Van der Hoff asook aan die heer J. J. H. Smuts redakteur van die Kaapstadse koerant *De Zuid-Afrikaan*.

Ds. Van der Hoff het op 2 September met sy vrou op die seilskip „Gouverneur Generaal Rochussen” Nederland verlaat en het ruim twee maande later, op 5 November, in Kaapstad aangekom. Die Kaapse Sinode wat vir sy vyfjaarlikse sitting drie weke lank vergader het, is juis op 2 November, dus drie dae voor die aankoms van ds. Van der Hoff, uitmekaar. Om die moeilike keuse waar ds. Van der Hoff voor te staan gekom het, asook om die keuse wat hy gedoen het goed te verstaan en te begryp, is dit 'n noodsaaklike vereiste om 'n juiste begrip te hê van die kerklike toestande sover dit die verhoudings tussen die Transvaalse gemeentes en die Kaapse Kerk aanbetref.

Ds. Van der Hoff het 'n Suid-Afrika aangetref wat in vier afsonderlike gebiede verdeel was. Drie daarvan was Britse gebiede en een was 'n onafhankelike Staat: die Kaapkolonie met sy eie Goewerneur en Raad, Natal eweneens met sy eie Goewerneur en Raad, die Oranje Rivier Soewereiniteit ook Britse gebied, maar in teenstelling met Natal was dit onderworpe aan die Kaapkolonie; verder was daar Transvaal, 'n onafhanklike Voortrekker Republiek, die enigste vrye gebied in Suid-Afrika waar die Britse vlag nie gewaai het nie.

Die Kaapse Kerk het heeltemal onsimpatiek teenoor die Groot

⁷⁾ *Notulenboek der Indische Commissie B. 1834—1861*, art. 2 van die vergadering van 26 November 1852. In die Argief van die Kaapse Kerk is 'n deur A. Faure op 6 November 1852 gesertifiseerde afskrif van die „Acte van Bevestiging” wat hierdie kommissie op 18 Augustus 1852 aan ds. Van der Hoff uitgereik het en waarin gesê word dat hy „plegtiglijk, onder oplegging der handen bevestigd” is. Die bewering dat ds. Van der Hoff nooit georden sou gewees het nie, is niks anders as laster nie.

Trek gestaan en het dit onwenslik geag dat buitekant die gebiede waar die Britse vlag gewaai het, 'n selfstandige vrye Boerestaat sou ontstaan. In 1837 het die Kaapse Sinode teen die Trek in 'n Herderlike Brief gewaarsku, en op 13 Julie 1838 het die Scriba van die Sinode, dr. Wm. Robertson, selfs in 'n gedrukte brief aan sy gemeente nie alleen die sinodale waarskuwing teen die Trek herhaal nie, maar ook die hoop uitgespreek dat die gemeente „in de treurige gebeurtenissen, welke reeds plaats gevonden hebben” waarmee hy op die moorde op die Voortrekkers in Natal gedoel het, „Gods afkeuring van het geheele plan” sal sien, want dit was 'n ondankbaarheid teenoor God om aan die Trek deel te neem. Die deputasies van predikante wat in die daaropvolgende jaar die Voortrekkers besoek het, het onbewimpeld hulle Britse simpatieë geuiter en probeer om die Trekkers gunstig vir die Britse vlag te stem. Die hele Kaapse Kerkorganisasie het sy regsgeldigheid aan Ordonnansie No. 7 van 1843 te danke gehad waarby die Kaapse Goewerneur die Regulasies van de Mist herroep het en 'n nuwe wetgewing daarvoor in die plek gestel het. In hierdie Ordonnansie wat die Grondwet van die Kaapse Kerk gevorm het en waarvan die wette en bepalings van die Sinode die *schedule* of Statuut was wat met die ordonnansie nie in stryd mag wees nie,⁸⁾ is dit duidelik dat die Kaapse Kerk en die regsbevoegdheid van die Kaapse Sinode tot die grense van die Kaapkolonie beperk was. Dit kon ook nie anders nie, want die Ordonnansie sowel as die Kerkwet is deur die koloniale owerheid uitgevaardig en die wette van die Kaapse Goewerneur kon alleen in die gebied waar hy jurisdiksie gehad het, toegepas word. In 1862 het die Hooggeregshof van Kaapstad dan ook uitgespreek dat 'n Sinode waarin afgevaardigdes van gemeentes uit Natal of uit die Oranje Vrystaat sitting het, onwettig saamgestel is omdat Natal 'n afsonderlike Britse Kolonie was met 'n afsonderlike Goewerneur, en die Vrystaat 'n selfstandige Republiek met 'n eie regering. Met die Ordonnansie van 1843 was die Kerk ook nog in bepaalde belangrike sake aan die wil van die Goewerneur onderworpe. As daar 'n predikant uit die buiteland gekom het, moes aan die Goewerneur as „den Heer Hoofd-gebieder” daarvan kennis gegee word en 'n beroep was alleen van krag as die Goewerneur dit goedgekeur het, en daarna moes die beroepene nog eers as predikant van die gemeente deur die Goewerneur aangestel word.⁹⁾ Toe die Ring van Transgariëp in 1850 uit die gemeentes van Natal en die Oranje Rivier Soewereiniteit, dus Britse gebiede, gevorm is, het Transvaal wat nie 'n Britse gebied was nie, daar buite geval. Die Transvaalse gemeentes het nie onder die Kaapse Sinode geval nie en wou ook nie daaronder val nie, want die Trans-

⁸⁾ Statute Law of the Cape of Good Hope (Cape Town 1862) p. 609—663.

⁹⁾ Sien o.a. artikels 62 (16), 171, 197, 215, 216, 231 van die Wetten en Bepalings van 1852—1857. Hierdie artikels kom presies net so voor in die kerkwet van 1843, maar die nommers is anders.

vaalse Voortrekkers het met reg gesien dat 'n onderwerping aan die gesag van die Kaapse Sinode 'n onderwerping aan die gesag van die Kaapse Goewerneur en daarmee van die Britse vlag ingehou het. Toe ds. A. Murray en sy broer ds. John Murray in April 1851 probeer het om die gemeentes Rustenburg en Potchefstroom te beweeg om onder die Ring van Transgariëp te ressorteer, het die kerkrade van altwee die gemeentes dit „in verband met politieke zaken” verwerp.¹⁰⁾ In Mei 1852 het di. A. Murray en J. H. Neethling 'n verdere poging aangewend om Transvaal kerkelik onder die Kaap te bring. Hierdie keer is dreigemente gebruik. Die gemeentes in Transvaal is toe veral deur ds. Neethling voor die keuse gestel: óf onder die Kaapse Sinode óf sonder predikant. Hy het in die kerkraadsvergadering gesê dat hy bereid was om te help dat daar in Transvaal 'n predikant sou kom

maar verklaart dat dit hem onmogelijk zal zijn voor en aler hij een bevredigend antwoord op de volgende vragen zal hebben ontvangen.

Hij vraagt:

- 1e. Zal de Leeraar, zullen de Leeraren der Maatschappij, leden blijven van de Synode der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, en blijven de gemeenten alhier hoewel *burgerlijk* afgezonderd, *geestelijk* onder de zorg en het gezag van de Synode?
- 2e. Zal aan den Leeraar een jaargeld naar bepaling vroeger gemaakt: Rd. 3000 — drie duizend — worden toegekend, en door *den Raad* op gezette tijden aan hem uitbetaald, gelijk dit in de Colonie door 't Gouvernement geschiedt?
- 3e. Zal de Raad erkennen dat de Leeraar ter uitoefening van zijn *geestelijk* ambt geheel vrij is, van alle wereldsch gezag?
- 4e. Zal de Raad eenige aanklagte in het geestelijke tegen den Leeraar ingebracht terstond verwijzen aan den Kerkeraad der Gemeenten?

Ds. Neethling het baie lank oor hierdie punte in die kerkraadsvergadering gepraat en die mense probeer oortuig dat hulle staatkundige vryheid deur 'n inlywing onder die Kaapse Sinode hoegenaamd nie in die gedrang sou kom nie, en dit beklemtoon dat hy alleen dan kan besluit om te help as daar „ja” op die eerste vraag geantwoord word. Hoedat hy met die Kaapse kerkwet in die hand die mense wou wysmaak dat die staatkundige vryheid nie geraak sou word deur 'n kerklike inlywing onder die Sinode, terwyl selfs die predikante dan deur die Engelse Goewerneur aangestel sou word, is onbegryplik. 'n Ander redenasie van hom was dat alleen 'n inlywing onder die Sinode die Kerk in Transvaal vir 'n geestelik afval sou kon bewaar. Hoe ds.

¹⁰⁾ S. Γ. Egelbrecht: *Die Ned. Hervormde Gemeente Potchefstroom 1942—1942*, bls. 36; *Die Ned. Hervormde Gemeente Rustenburg 1850—1950*, bls. 14—15.

Neethling soiets kon beweer nadat die Sinode die Voortrekkers vir sestien jaar aan hul lot oorgelaat het, en in 1837 selfs teen die Trek gewaarsku het en die Voortrekkers „Nomaden” genoem het, wat tot die heidendom sou verval, is net so onbegryplik.¹¹⁾ As hy so bewoë was met die geestelike lot van die Transvaalse Voortrekkers, waarom wou hy nie help om 'n predikant daarheen te laat gaan nie, al was hulle nie onder die Sinode nie? Sy redenasie was:

zijn deze gewesten los van de Synode, wie is hier in staat om de zuiverheid van de leer die verkondigd wordt te onderzoeken? Neen! dan zag hij de tijd komen dat deze gewesten een toevluchtsoord wierd voor menig valschen leeraar — en wie zoude bij zulk een treurig vooruitzicht, op zulk een losse voet voortwerken? en den eenig veiligen grond om voort te gaan beschouwt de Heer Neethling te zijn: de verbindtenis in 't geestelijk van deze gemeenten aan de Synode der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika.

Na hierdie redenasies van ds. Neethling en hierdie ultimatum van hom, het die kerkraad toegegee maar het dit as 'n *afpersing* beskou. Die volgende dag het ds. Neethling 'n lang brief aan die Volksraad geskryf, waarin hy sy redenasies herhaal het, asook sy ultimatum, met die versekering dat 'n inlywing geen gevaar vir die „burgerlijke vrijheid” gebied het nie, maar waarin hy ook net soos by die kerkraad dit verswyg het, dat die predikante van Transvaal na so 'n inlywing deur die Engelse Goewerneur aangestel moes word. En hy het die Volksraad geskryf dat alleen wanneer die Raad sal toestem dat die predikant onder die Kaapse Sinode sou staan hy

kan besluiten en belooven zijne krachten te wijden aan eene zaak die voor den bloei, niet slechts in 't geestelijke, maar ook in 't *wereldsche*, gelijk van zelf spreekt, onontbeerlijk is: *De Komst van eenen Leeraar herwaarts.*¹²⁾

Die Volksraad het die saak in „rijpelijke” oorweging geneem en dit goedgekeur en aan di. Murray en Neethling geantwoord „om gemelde vragen met *ja* te beantwoorden” en hulle verder versoek om nou tog 'n predikant te help kry. Maar nóg in die Kerkraadsnotule, nóg in die Volksraadsnotule, nóg in die antwoord aan di. Murray en Neethling is met een woord van die inlywing self gerep. Halfhartig en onder

11) Die gedagtegang van die Kaapkolonie was destyds, dat die Engelse vlag ook 'n waarborg was teen geestelike verval. Van hierdie vlag was ds. Neethling 'n groot vereerder. Toe hy in 1871 in Transvaal was, was hy so bly toe hy op sy terugweg die Transvaalse gebied verlaat het en oor die grens in die Engelse Natal gekom het, dat hy soos hy self verhaal, „uit volle borst” die „God save the Queen” gesing het. *De Geref. Kerkbode*, 1872, bls. 72.

12) E.V.R. 213/52. In *De Geref. Kerkbode*, 29 Okt. 1853, bls. 352 word beweer dat „Ds. Neethling was door de Transvaalschen gevolmachtigd een leeraar te beroepen.” Dit is beslis onjuis, en hierdie bewering word dan ook deur geen enkel bewys gestaaf nie. Ds. Neethling het nooit so 'n volmag van die mense in Transvaal gehad nie.

pressie is aan die *eis* en *ultimatum* van ds. Neethling toegegee, want dit was nou al sestien jaar dat die Voortrekkers in Transvaal gekom het, en nog altyd was hulle sonder predikant. Hulle het die hele saak as „afgeperst” beskou. Ds. Neethling het hulle mislei deur 'n onjuiste voorstelling van sake te gee en die kerkwet skeef voor te stel.

Ds. Neethling en ds. Murray het by die Sinode wat op 12 Oktober 1852 saamgekom het, 'n beskrywingspunt ingedien wat gelui het „Inlywing der Trans-Vaalsche Gemeente.” Dr. S. P. Heyns het dadelik die aandag van die vergadering daarop gevestig dat in die Ordonnansie gehandel word oor die Kerk „binnen deze Kolonie”, terwyl die Transvaalse gemeentes daar buite lê, waarna op 15 Oktober besluit is om die opinie van die Prokureur-Generaal, sir William Porter, in te win en te verneem of 'n inlywing nie met hierdie Ordonnansie in stryd sou wees nie. 'n Paar lede van die Sinode het die saak toe *mondeling* aan die Prokureur-Generaal gaan voorlê, en reeds op 16 Oktober, dus 'n dag nadat die Sinode besluit het om sy opinie te vra,¹³⁾ het hy sonder dat hy 'n „schriftelike casus” voor hom gehad het, 'n skriftelike opinie gegee wat hierop neergekom het dat 'n inlywing nie met die Ordonnansie in stryd sou wees nie. Mens kry die indruk dat hy dit haastig en oppervlakkig behandel het, sonder om hom behoorlik rekenskap te gee waarom dit eintlik gegaan het. Toe hierdie opinie voor die Sinode gelê is, het ds. Neethling in 'n lang verhaal die voorstelling gegee asof dit die Transvaalse gemeentes was wat om inlywing gevra het, en hy het verswyg dat dit *hy* was wat met 'n ultimatum die inlywing van hulle afgepers het. Die Sinode het hierop 'n kommissie benoem om die voorwaardes vir die inlywing op te stel. Dit is gedoen en die vernaaamste voorwaarde was dat die Transvaalse gemeentes heeltemal volgens die Kaapse Kerkwet bestuur sou word en onder die Ring van Transgariëp sou val. Een van die kommissielede, ds. G. W. A. van der Lingen, het die vergadering meegedeel dat hy die rapport wel as kommissielid geteken het, maar nie met alles wat daarin voorkom saamstem nie,

en dat hij voorzag, dat de bepalingen door de Synode aangenomen zijnde, in de gevolgen groote botsingen en moeilijkheden zouden worden ondervonden.¹⁴⁾

Waar die Transvaalse gemeentes in verband met die inlywing deur ds. Neethling mislei is, daar is die Kaapse Sinode net so mislei,

¹³⁾ Dit kan nie uitgemaak word nie of die saak deur die paar lede van die Sinode op die 15e of op die 16e voor die Prokureur-Generaal gelê is, m.a.w. of hy dadelik of 'n dag daarna sy opinie gegee het. Maar in ieder geval was dit te oorhaastig. Toe later blyk dat die opinie verkeerd was, was sy ekskuus dat die saak mondeling en nie skriftelik aan hom voorgelê was nie.

¹⁴⁾ Gedrukte Notule van die Sinode, bls. 20 en 28.

deur die oorhaastige verkeerde opinie van die Prokureur-Generaal¹⁵⁾ en deur die skewe voorstelling van ds. Neethling.

Die Sinode het die inlywing goedgekeur, maar daar is tog gevoel dat alles op 'n los voet gegaan het, selfs sonder 'n enkele skriftelike versoek van die Transvaalse Gemeentes. Die Sinode het op 27 Oktober die besluit van inlywing aan die Transvaalse Volksraad gestuur, en die Aktuarius het die Goewerneur daarmee in kennis gestel maar wou verder 'n afwagende houding inneem om eers te hoor of die outoriteite in Transvaal daarmee akkoord sou gaan.

Dit het tydens die sitting van die Sinode bekend geword dat daar 'n predikant uit Holland op pad was. Hierdie berig was vir 'n paar lede van die Sinode nie welkom nie want dit is gevoel dat dit die inlywing sou kon laat misluk. Veral ds. Neethling, die drywer van die inlywing, was ontstemd en het probeer om die toelating van ds. Van der Hoff te bemoeilik en het selfs aan die Sinode vertel dat hy dink dat die mense in Transvaal hom nie sou ontvang nie. Op voorstel van ds. Murray is egter besluit dat ds. Van der Hoff hom by sy aankoms eers by die Aktuarius moes laat legitimeer, en dat dan daarna aan die Transvaalse gemeentes kennis gegee sou word dat hulle hom kon beroep. So is ds. Van der Hoff in Kaapstad verhinder om dadelik na Transvaal deur te reis.

Ds. Van der Hoff het op 5 November, toe die Sinode reeds drie dae uitmekaar was, in Kaapstad aangekom. Hy het nog op dieselfde dag dr. Faure besoek wat hom „zeer koeltjes” ontvang het en eers 'n ruk later bygedraai het. Dr. Faure het hom die besluit van die Sinode oor die inlywing meegedeel, maar hom ook gesê dat hy nog eers berig moes kry of die Transvaalse gemeentes daarmee instem, want die Kaapse kerklike outoriteite het nog geen enkel skriftelike mededeling hieroor uit Transvaal self gehad nie; alles het op mondelinge mededelings van ds. Neethling berus. Ds. Van der Hoff is toe op 9 November by die Aktuarius, dr. Faure, gelegitimeer toe hy die volgende formulier onderteken het:

¹⁵⁾ In die Kaapse Sinode van 1857 het ouderling H. H. Loedorff daarteen beswaar gemaak dat daar afgevaardigdes uit gebiede buitekant die Kaapkolonie in die Sinode sitting sou neem omdat dit in stryd met die Ordonnansie was en die hele Sinode onwettig maak. Sir William Porter het toe aan hom gesê „gij hebt gelijk”. Porter het ingesien dat die opinie wat hy in 1852 aan die Sinode gegee het, verkeerd was. In 1862 het Loedorff weer beswaar gemaak, en aan die Sinode gesê dat Porter in 1857 erken het dat hy 'n verkeerde opinie gegee het. Sien *Het Volksblad* 8 November 1862. Toe die Sinode die beswaar van Loedorff weer van die hand gewys het, is die vraag oor die wettigheid van die Sinode by die Hooggeregshof aanhangig gemaak, en die Hof se uitspraak was dat dit in stryd met die Ordonnansie was dat gemeentes buitekant die Kaapkolonie onder die Sinode kon val. As die inlywing van die Transvaalse gemeentes in 1852 sou plaas gevind het, sou dit in elk geval onwettig gewees het. Maar dit was nooit 'n voldonge feit nie, omdat die gemeentes in Transvaal die in November 1852 gestelde voorwaardes nooit goedgekeur het nie.

Wij ondergeschrevenen, tot de openbare predikdienst in de Hervormde Kerk geadmitteerd, verklaren opregt en in goeden gemoede voor den Heer met deze onze naamteekening, dat wij van harten gelooven, dat al de Artikelen en Stukken der Leer, in de Belijdenis en Catechismus, zijnde Formulieren van Eenigheid der Gereformeerde Kerken van Nederland, begrepen, met Gods Woord overeenkomen: Wij beloven voorzeide leer naarstig te zullen leeren, en in onzen wandel getrouw te zullen handhaven, zonder iets tegen dezelve leer, hetzij direct of indirect, te leeren of te schrijven. En gelijk wij deze leer ter goeder trouw aannemen en hartelijk gelooven, zoo verwerpen wij alle dwalingen tegen deze leer strijdende, en zijn genegen dezelve te wederleggen, tegen te spreken, en allen arbeid aan te wenden om dezelve uit de Kerk te weren. Wij beloven ons op de uitbreiding van het Rijk des Verlossers, door de bevordering van Godsdienstige kennis, Christelijke zeden, orde en eendragt, met allen ijver te zullen toeleggen; aan de verordeningen, door de Synode der Hervormde Kerk in Zuid-Afrika gemaakt, ons te zullen houden, verbindende wij ons bij deze onze handteekening tot al het voorgeschrevene, en om, zoo wij bevonden worden tegen eenig gedeelte van deze verklaring en belofte te hebben gehandeld, deswegens ons te zullen onderwerpen aan de uitspraken der bevoegde kerklijke vergaderingen.

Ds. Van der Hoff is hiermee beroepbaar gestel. Maar artikel 63 van die kerkwet het vereis dat die Aktuarius die legitimasie van elke predikant „aan zijne Excellentie den Heer Hoofdgebieder” d.w.s. aan die Goewerneur moes rapporteer en artikel 216 het vereis dat as 'n beroep kerklik goedgekeur was, dit nog eers weer „ter approbatie aan het Gouvernement voorgedragen” moes word. Ieder predikant het dan ook by indienstreding sy aanstelling as sodanig van die Goewerneur ontvang wat dit in die *Cape of Good Hope Government Gazette* bekend gemaak het. Dr. Faure het nou verwag dat die gemeentes in Transvaal ds. Van der Hoff volgens die Kaapse Kerkwet moes beroep en het met dr. W. Robertson hom ook gevra dat hy 'n eed van getrouheid aan die Britse regering moes aflê, dit wil sê dat hy hom as Britse onderdaan moes laat naturaliseer. Dr. S. P. Heyns, een van die drie predikante van Kaapstad, het ds. Van der Hoff afgeraai om dit te doen, waarop hy geweier het.¹⁶⁾

Die blydskap van die mense in Transvaal toe hulle hoor dat hulle uiteindelik 'n predikant sou kry, kan byna nie beskryf word nie. Hierdie blydskap het nog groter geword omdat die predikant buite die Kaapse kerklike outoriteite sou kom en dus nie gevaarlik sou wees vir hul staat-

¹⁶⁾ *De Gereformeerde Kerkbode in Z.A.*, 25 Okt. 1856, bls. 350; *Elpis* 1858, bls. 53; Ds. D. van der Hoff: Open brief aan ds. J. P. Jooste (1871), bls. 1. Dr. S. P. Heyns het in die jare 1827—1835 te Leiden in die teologie gestudeer, en dit is heel waarskynlik dat hy en ds. Van der Hoff daar mekaar geken het.

kundige ideale nie, nie een van die geestelike swaard waarmee sir Harry Smith in 1848 die Voortrekkers op staatkundige gebied gedreig het nie. Toe hulle van die aankoms van ds. Van der Hoff in Kaapstad hoor, het generaal A. W. J. Pretorius en ouderling Wolmarans dadelik 'n briefwisseling daarheen begin, maar merkwaardig genoeg het hulle aan J. J. H. Smuts, die hoofredakteur van *De Zuid Afrikaan* en aan ds. Van der Hoff geskryf, maar nie aan dr. Faure of ander Kaapse kerklike outoriteite nie. Op Faure se briewe aan hulle dat die Kaapse Sinode besluit het om die Transvaalse gemeentes onder sy gesag in te lyf en op sy vraag of hul hierdie inlywing goedkeur, het hul met opset nie geantwoord nie, want hulle was nie van plan om die inlywing goed te keur nie. Dr. Faure was glad nie seker van die saak nie, want soos ds. Van der Hoff op 10 Maart 1853 aan prof. Lauts geskryf het, was dit so „dat het verzoek der Transvaalschen om inlijving in de Kaapsche Kerk slechts geschied is *mondeling* . . . maar nooit is enig *schriftelijk* document noch van de gezamenlijke Transvaalsche gemeenten noch van den Volksraad vertoont, waaruit die wensch blijken kan.”¹⁷⁾ Dr. Faure het self meer en meer aan die welslae van die hele inlywing begin twyfel en op 1 Maart 1853 het hy aan dr. Heyns geskryf:

Het is wel waar dat de Synode tot de inlijving of *adoptatie* heeft besloten, maar het is alsnog twijfelachtig of de Transvaalschen de voorwaarden gaaf zullen aannemen daar zij op de officiële mededeeling niet hebben geantwoord.

Dr. Faure was dan ook nie geneë om ds. Van der Hoff te help om na Transvaal te gaan nie, deur hom op versoek van verskillende persone die verdere reisgeld na Natal uit die sinodale kas voor te skiet. Ook hier was dit weer: óf onder die Sinode, óf sonder predikant. Hierdie onwelwillende houding van die kerklike outoriteite het meegewerk om ds. Van der Hoff skepties te maak. Hy het self ook begin twyfel oor die houding van die Transvaalse voormanne teenoor die Kaapse Sinode, hoewel hy ten gunste van 'n inlywing was. Hy het egter op voorligting van manne soos J. J. H. Smuts en Christoffel Brand, die vader van die latere Vrystaatse president, iets begin verstaan van die teenstelling tussen die Kaap as Engelse kolonie met Engels as offisiële taal en Transvaal as vrye republiek met Hollands as offisiële taal en op 10 Maart 1853 het hy aan prof. Lauts geskryf dat in verband met die inlywing „nooit of te nimmer” deur hom „eenige voorwaarden zullen aangenomen worden, die de strekking hebben om de kerkelijke of politieke onafhankelijkheid te bedreigen.”¹⁸⁾ Hy het sover as wat dit moontlik was iets, al was dit nog weinig, van die Voortrekkerideaal begin verstaan, en op 11 Maart het hy aan prof. Lauts geskryf dat hy,

¹⁷⁾ S. P. Engelbrecht: *Geschiedenis van de Ned. Herv. Kerk*, deel I (1920), Bijlage XXVIII, bls. LXIII.

¹⁸⁾ Engelbrecht, Bijlage XXVIII, bls. LXI.

as hy hom beskikbaar wou stel, reeds 'n beroep in die Kaapkolonie sou gehad het, „doch een man een man een woord een woord. De Transvaal-republiek, de naam alleen doet mijn hart gloeijen en dan nog wat ik van de menschen zoo van tijd tot tijd hoor, ontvlamt mijn gemoed nog meer. Dus alleen daarheen is mijn vurigste wensch en verlangen.”¹⁹⁾ Dr. Faure wou hom nie help nie maar met behulp van vriende van Transvaal kon hy uiteindelik met die skip na Durban vertrek waar hy op 21 April met sy gesin veilig aangekom het. Hier het 'n afvaardiging van twaalf persone uit New Germany, 'n volksplanting nie ver van Durban af nie, na hom gekom en hom dringend uitgenooi om predikant by hulle te word teen 'n aansienliker salaris, vry woning en ander voordele, terwyl die toestande in Transvaal in donker kleure afgeskilder is. Maar hy het dit van die hand gewys en sy reis na Potchefstroom voortgesit waar hy op 27 Mei aangekom het, in die middel van die nag in 'n bitter koue. Die huis wat hy gekry het, was onbewoonbaar; dit was 'n pakhuis van die Natalse handelaars Evans and Churchill. Die vensters was sonder rame. Die vloer was so nat dat die stoele ingesak het as mens gaan sit. Eers na byna 'n jaar het hy 'n beter huis gekry.

Die toestande in Transvaal was anders as wat hy hom dit voorgestel het, veral wat die houding teen die Kaapse Sinode betref. Self was hy nog altyd ten gunste van 'n bepaalde ressortering onder die Sinode, en het met 'n predikant van die Sinode, ds. A. Murray van Bloemfontein, afgespreek dat dié hom sou bevestig. Maar nou vind hy dat Pretorius en sy mense, d.w.s. die oorgroot meerderheid van die bevolking, niks met die Sinode te make wou gehad het nie. Toe generaal Pretorius en sy mense hoor dat hulle buite die Sinode om 'n predikant sou kry, was dit vir hulle 'n uitweg om aan die ultimatum *óf onder die Sinode met 'n predikant óf buite die Sinode sonder predikant* te ontkom. In sy sitting in Maart 1853 het die Volksraad besluit om die brief van die Sinode oor die inlywing nie te beantwoord nie voordat ds. Van der Hoff aangekom het. (Art. 62 van die Notule). Op 14 Februarie 1853 het ouderling Ph. Snyman van Rustenburg aan generaal Pretorius geskryf en gevra „sorg tog dat ons tot niet naader verpant wort aan den kaap seijnnooden.”²⁰⁾ Generaal Pretorius het hierdie brief voor die krygsraad gelê wat onder sy voorsitterskap op 31 Mei 1853 op Magaliesberg vergader het. Dit moet benadruk word dat Generaal Pretorius toe nog nie met ds. Van der Hoff kennis gemaak het nie, sodat hy nie die minste deur hom beïnvloed kon gewees het

¹⁹⁾ Engelbrecht, Bijlage XXIX, bls. LXVIII.

²⁰⁾ 497/53. Hierdie brief van ouderling Snyman is op bls. 313 van die *Transvaalse Argiefstukke* 1850—1953 afgedruk. Ongelukkig het die afskrywer die woorde „kaap seijnnooden” verkeerd geles en dit afgeskryf as „saak seyn nooden”, woorde wat heeltemal geen sin uitmaak nie. 'n Faksimile van die brief is op bls. 17 van die *Euufees Album* 1842—1942 afgedruk, waar die leser die woorde *kaap seynnooden* sal sien.

nie.²¹⁾ Die allereerste saak waarmee die krygsraad hom besig gehou het, was die inlywing onder die Kaapse Sinode en die bevestiging of voorstelling van ds. Van der Hoff. Dit was nie alleen na aanleiding van die brief van ouderling Snyman nie, maar twee lede van die Volksraad, Stephanus Kruger en H. A. Pretorius (Bart Pretorius, 'n broer van generaal A. W. J. Pretorius) was ook in die vergadering om hierdie saak voor te lê. Die eerste drie artikels van die notule van hierdie krygsraadsvergadering lui as volg :

Art. 1. De gezamentlijke Krijgsraad met de twee leden der Volksraad, de WelEd. heeren S. Kruger, H. A. Pretorius en ook op dringende verzoek van den ouderling Snyman van Rustenburg hebbende besloten dat eene algemene bijeenkomst wezen zal, op den 2 Maandag in Augustus aanstaande te Rustenburg om over de voorstelling van den Wel Eerwaarde van der Hoff te raadplegen op welke wijze dit zal kunnen gedaan worden. De Krijgsraad en Kerkeraad verzoeken tevens de WelEd. Volksraad ook hunne zitting tegen dien tijd te bepalen om deel te nemen in deze zaak en om eene rijpe plan te beramen en daar te stellen tot voorstellen van gem. leeraar, tegelijk goede kerkelijke regulatiën te maken en daar te stellen.

Art. 2. Worden mits deze opgeroepen alle Kerkraden van Lijdenburg, Zoutpansberg en andere met alle verstandige persoonen tot dien gewigtige werk op voornoemde tijd en plaats als mede die er eenige belang in mogte stellen.

Art. 3. Word mits deze de heer Wolmarans verzoekt om op bovengemelde voorstel niet voort te gaan met het voorstellen van de leeraar van der Hoff tot deze vergadering heeft plaats gevonden alhoewel de godsdienst als naar gewoonte zijn voortgang kan hebben.²²⁾

Hieruit blyk twee baie duidelik: Ten eerste dat nog voor die aankoms van ds. Van der Hoff besluit is om hom nie deur 'n predikant van die Kaapse Sinode te laat voorstel of bevestig nie, maar deur ouderling Wolmarans, en ten tweede dat die mense nie van plan was om die deur die Kaapse Sinode gestelde voorwaardes vir inlywing te aanvaar nie, met name die voorwaarde dat die Kaapse kerkwette in Transvaal van toepassing gemaak moes word en hulle hul daaraan moes onderwerp, en dat hul dus daarom hulle eie kerkwette wou opstel.

Die kerkraad van Potchefstroom het op 6 Junie onder voorsitterskap van ouderling Wolmarans saamgekom. Ds. Van der Hoff was ook aanwesig, en eers toe hy sy akte van ordening en bevestiging en ander stukke oorhandig het, en hy „na nauwkeurig onderzoek dezer

²¹⁾ Op 7 Junie 1953, dus 'n week na hierdie krygsraadsvergadering, het ds. Van der Hoff aan generaal Pretorius van sy aankoms kennis gegee en hom gevra „Wanneer zal ik het genoeg hebben u te zien?“ R.542/53.

²²⁾ R. 541/53.

papieren als wettig leeraar der Ned. Hervormde Gemeente erkend" en verwelkom is, het hy die voorsitterstoel ingeneem. Ds. Van der Hoff het toe die briewe van die Aktuarius van die Kaapse Sinode oor die inlywing voorgelê, briewe wat die Transvalers nog steeds nie beantwoord het nie. Die kerkraad het besluit hierop „geen officieel antwoord te geven, voordat alle Kerkeraden hieromtrent gehoord zijn”, en daarom moes aan die kerkrade van Rustenburg, Lydenburg en Zoutpansberg en aan die Volksraad geskryf word „met versoek om onderling ooreen te komen tot het houden eener Algemene Kerkvergadering”. Die diaken Wessel Badenhorst van Hartebeestfontein, wat met ds. Van Velden in verbinding gestaan het, was oor hierdie besluit om 'n Algemene Kerkvergadering saam te roep so ontevrede, dat hy die vergadering verlaat het en geweier het om die kerkradsvergaderinge in die toekoms by te woon sodat later iemand anders in sy plek gekies moes word.²³⁾

Oor die bevestiging van ds. Van der Hoff kom in die notule van hierdie kerkradsvergadering niks voor nie. Hy het met ds. A. Murray gereël dat laasgenoemde hom op 31 Julie sou kom bevestig en het met hierdie sitting van die kerkraad nog niks geweet van die krygsraads besluit nie, en eers nege dae later, 15 Junie, het die Landdros en Heemrade van Potchefstroom hom daarvan kennis gegee waarop hy nog dieselfde dag die volgende aan ds. Murray geskryf het:

Heden ontving ik een brief van Landdrost en Heemraden dezer gemeente, waarin men mij meldt dat de gezamentlijke Krijgsraad met twee leden van den Volksraad, de Heeren St. Krieger en H. A. Pretorius, op dringend verzoek van den ouderling Snyman van Rustenburg hebben besloten, dat er eene algemeene bijeenkomst wezen zal op den tweeden Maandag in Augustus, om over de voorstelling van den Heer Van der Hoff te raadplegen. Zij hebben tegelijk den Volksraad verzocht, ook hunne zitting tegen dien tijd te bepalen, benewens ook alle Kerkeraden en alle verstandige personen, die in die zaak belang stellen, ten gevolge van welken maatregel U WelEerw. verzocht wordt uwe overkomst nog wat uit te stellen.²⁴⁾

²³⁾ Die familie Badenhorst het sterk separatistiese neigings gehad. Daar was oefenaars onder hulle en graag is 'n kerkie in die kerk gestig. In Bredasdorp was 'n Independent kerkie waarvan die broers Barend, Casper en Pieter (Kort Piet) Badenhorst die vernaamste stigters was. Sendeling J. R. Keet is as predikant aangestel, dieselfde wat in later jare 'n soortgelyke Independent gemeente op Wakkerstroom gehad het met 'n baie klein klompie lede. Die drie broers Badenhorst het in latere jare na Britstown se wêreld getrek en weer by die Ned. Gereformeerde Kerk aangesluit. Later het hul daarvan afgeskei en onder ds. S. J. du Toit op Strydenburg die Gereformeerde Kerk onder die Kruis gestig. Sien dr. A. Dreyer: *Eeufees-Gedenkboek van Bredasdorp 1838—1938*, bls. 37—43. Die separatistiese neigings van die Hartebeestfonteinse Badenhorste is veral aangewakker deur briewe van ds. Van Velden uit Winburg waarin hy hulle teen die Transvaalse Kerk opgemaak het. Daar is nog van die briewe voorhande.

²⁴⁾ *De Gereformeerde Kerkbode*, 1854, bls. 355.

Ds. Van der Hoff het by sy aankoms op Potchefstroom 'n brief van verwelkoming van generaal A. W. J. Pretorius ontvang. Hierdie brief het hy op 7 Junie, die dag na die eerste kerkraadsvergadering, beantwoord en die wens uitgespreek om so spoedig moontlik met hom kennis te maak.²⁵⁾ Pretorius was toe reeds siek. Hy het aan die water gely ten gevolge van 'n koue wat hy die vorige jaar gevat het in die oorlog teen Secheel, toe hy twee etmale agtermekaar met nat klere te perd gery het. Ds. Van der Hoff verhaal hieromtrent:

dat de overleden Kommandant Generaal A. W. Pretorius, kort na mijne aankomst alhier mij een bezoek bragt en mij dringend verzocht om mij toch niet door een predikant van de Synode te laten voorstellen voordat er eene algemeene bijeenkomst te Rustenburg zou gehouden worden om over die zaak te spreken; want dat hij met al zijn menschen niets van de Synode wilde weten. Na veel van mijne zijde hiertegen ingebracht te hebben, besloot ik aan het verzoek van den achtingswaardigen man te voldoen, en met tranen van dankbaarheid in de oogen drukte hij mij de hand, en kon zijn blijdschap schier met geen woorden uitdrukken.

Een dergelijk verzoek had ik ook ontvangen van een ouderling der gemeente Rustenburg. Dientengevolge schreef ik aan den predikant van Bloemfontein, om mijne voorstelling aan de gemeente uit te stellen, en begon ernstig over die zaak na te denken.²⁶⁾

Pretorius was bevrees vir die geestelike swaard waarmee sir Harry Smith gedreig het.²⁷⁾ Maar hy sou die groot vergadering wat oor die kerklike vraagstuk moes beslis, nie meer bywoon nie. Sy siekte het al hoe erger geword, sodat hy op 13 Julie aan ds. Van der Hoff geskryf het dat hy sy einde verwag, waarop ds. Van der Hoff hom nog 'n

²⁵⁾ Ds. Joh. Dreyer: *Ds. Dirk van der Hoff*, bls. 15—16.

²⁶⁾ *Eene stem uit de Kaapstad door den Advokaat Brand weerklonken in Mooirivier . . . met eenige aanmerkingen en toevoegselen uitgegeven door D. van der Hoff* (1857), bls. 2. Van hierdie uiters seldsame geskrif is 'n eksemplaar in my besit. Advokaat C. J. Brand het hom ook bitter teleurgesteld uitgelaat teen die voorstelle om Engelse preke in die Ho landse Kerk van Kaapstad in te voer. Hiervan sê ds. Van der Hoff: „met dat invoeren der Engelsche taal in de Gereformeerde Kerk kan geen ander doel opgesloten zijn, dan de boeren hun ouden Hollandschen Bijbel uit de handen te nemen en er een Engelsche voor in de plaats te stellen en hen zodoende langs dien weg geheel tot Engelschen te hervormen. Dit is immers het doel geweest van het Engelsche Gouvernement van den beginne dat de Kaap in hunne handen gevallen is tot op heden toe. Om dat doel te bereiken offert de Engelschman op alles wat hij kan. Om dat doel te bereiken verleent hij immers geldelijke bijdragen aan de school te Bloemfontein, waar de hoofzaak van het onderwijs niets anders is of worden zal dan aankweeking van alles wat Engelsch is. En wat de Engelschman met dwang en list en geweld niet heeft kunnen verkrijgen, dat zal de Synode nu met het geestelijk zwaard wel zien daar te stellen, geholpen door Engelse predikers en de Bloemfonteinsche school.” Met die „Bloemfonteinsche school” bedoel ds. Van der Hoff die Grey-College op Bloemfontein, waarvoor die Kaapse Goewerneur 'n bedrag van £5,000 gegee het. Dit het baie meegewerk om die onderwys in die Vrystaat te verengels. Sien A. Trollope: *South Africa*, vol. II, bls. 263—267.

²⁷⁾ Ds. N. J. van Warmelo: *Eene Herinnering aan Ds. D. van der Hoff*, bls. 10.

troosbrief na sy sterfbed kon skryf, en op dieselfde dag het hy sy roerende afskeidsbrief — sy politiek testament — aan die krygsraad gerig.²⁸⁾

Die Algemene Kerkvergadering het op Maandag 8 Augustus op Rustenburg saamgekom. Twee dae van te vore, op Saterdag, 6 Augustus, het ds. Van der Hoff met ouderling Wolmarans daar aangekom. 'n Groot aantal burgers het hom 'n uur buitekant die dorp tegemoet gery, en toe hy by die ingang van die dorp kom, het kommandant Paul Kruger — die latere Staatspresident — met sy manskappe daar gestaan en hom gegroet deur hulle hoede af te neem en daarmee te swaai. Daar was baie mense in die dorp aanwesig.

Die Algemene Kerkvergadering is op Maandag geopen. Ouderling Wolmarans was voorsitter. Alleen Potchefstroom, Rustenburg en Zoutpansberg het afgevaardigdes gestuur. Lydenburg het niemand gestuur nie, ook nie na die Volksraad nie. Die Algemene Kerkvergadering het dadelik begin om oor die vraagstuk van inlywing onder die Kaapse Sinode te handel. Ds. Van der Hoff was ten gunste van 'n inlywing, maar sodanig dat die Transvaalse staatkundige belange nie sou skade ly nie. Die vergadering wou daar egter niks van hoor nie. Die kerkrade het beskou dat die hele inlywing by hulle „afgeperst” was met die ultimatum „óf onder de Synode, óf zonder leeraars.” Die gedagtegang van die vergadering was: „Burgerlijk vrij en onafhankelijk, wenschen wij dit ook in het kerkelijke. Wij wenschen onze eigen kerkelijke zaken zelve te besturen en in deze niet ondergeschikt te zijn aan de Kaapsche Synode.” Ds. Van der Hoff het 'n halfuur lank vir goedkeuring van die inlywing gepleit, maar dit het nie gehelp nie. In die notule kom die volgende hieroor voor:

Het punt der inlijving onzer gemeenten onder de Kaapsche Synode ter tafel komende, vraagt de leeraar het woord. Zijn Eerw. geeft den wensch te kennen dat de gemeenten alhier onder de Kaapsche Synode mogten ingelijfd worden. Hij stelt der vergadering het voordeelige en wenschelijke dier zaak voor en waarschuwt ernstig voor de nadelige gevolgen die uit eene weigering der inlijving kunnen voortvloeijen. De geheele vergadering is echter van een geheel ander gevoelen. Haar hoofdleus is: burger-vrij en onafhankelijk, wenschen wij dit ook in het kerkelijke. Wij wenschen onze eigene kerkelijke zaken zelf te besturen, en in deze niet ondergeschikt te zijn aan de Kaapsche Synode. De Koning der Kerk, Jezus Christus onze Heer, zij ons eenige hoofd. Deze en dergelijke andere uitdrukkingen, door kragtige drangredenen, te veel om hier te vermelden ondersteund, deed den leeraar eindelijk ook besluiten zijne toestemming te geven aan den algemeenen

²⁸⁾ S. P. Engelbrecht: *Geschiedenis Ned. Hervormde Kerk*, 2e druk 1936, bls. 83—87.

wensch des kerkerads, die volgens het zeggen der kerkraadsleden, ook de algemeene wensch van het publiek was.

In 'n openbaar skrywe vier jaar later het ds. Van der Hoff die volgende hieroor opgemerk:

Zoo groot was de blijdschap over mijn besluit dat ik moeite had om de groote schaar van menschen te bedwingen hunne blijdschap uit te drukken door een luidklinkend hoera.²⁹⁾

Die inlywing is met algemene stemme verwerp, en die volgende gronde is daarvoor opgegeë:

- 1e. Omdat aan de voorwaarden of belofte om ons door bemiddeling der Kaapsche Synode van leeraars te zullen voorzien, niet voldaan is.
- 2e. Omdat men zich aan die kerkelijke wetten der Ned. Geref. Kerk in Zuid-Afrika, onder de Synode niet kan onderwerpen.

Die tweede van hierdie genoemde redes bevat die eintlike oorsaak waarom die inlywing verwerp is. Die beswaar was nie teen die Kaapse Kerk as Kerk nie, maar teen die gebondenheid van die Kaapse kerkorganisasie aan die Britse Goewernement en die vreemde Engelse gees wat daarin geheers het. Ds. Van der Hoff moes kies waar hy hom sou skaar: by die Kaaps-Engels georiënteerde stroming of by die Voortrekker-stroming van Transvaal. Hy het die laaste gekies. En toe ds. J. P. Jooste van die Ned. Geref. Kerk hom in 1871 verwyf het dat dit hy was wat die oorsaak van al hierdie dinge was en dat dit hy was wat die mense in Transvaal van die Kaapse Sinode afvallig gemaak het en dat hy dit reg gekry het deur gebruik te maak van die paar „vooroordeelen teen het Britsche gezag” waarmee hulle „bevangen” was,³⁰⁾ het ds. Van der Hoff o.a. die volgende hierop geantwoord:

De oorzaak van dien afval is de gemeente. Tot getuigen roep ik op al de oude emigranten die destijds de drijvers van de zaak waren. Ik zal hier enkelen bij name noemen, als: Ph. Snyman, Ph. Schutte, Gerrit Paul en Douw Kruger, G. Engelbregt, Th. Steyn, J. Kok, Wynand Smit, D. Jacobs, de familien Wolmarans, Lombard en anderen. Ge kunt ook aan onze Staatspresident vragen wat zijn overleden vader hem kort voor zijn dood op het hart heeft gedruk, namelijk: „om wel toe te zien dat ik mij niet onder de Kaapsche Synode moest verbinden.”

²⁹⁾ In die reeds vroeër vermelde *Eene stem uit de Kaapstad door den Advokaat Brand weerklonken in Mooirivier . . . uitgegeven door D. van der Hoff*, bls. 2. Toe vanuit die Kaap beweër is dat ds. Van der Hoff die oorsaak is dat die inlywing verwerp is, het president M. W. Pretorius in 1859 die Staatsprokureur namens die Regering laat verklaar dat dit nie so is nie, die volk wou dit gehad het. En toe twee Kaapse predikante, ds. J. H. du Plessis en ds. A. Steytler in 1872 die Kommissie van die Kerkvergadering van die Hervormde Kerk op Potchefstroom ontmoet het, het verskillende ou Voortrekkers wat ook aanwesig was, aan hierdie twee predikante die versekering gegee dat dit hulle was wat die inlywing verwerp het en nie ds. Van der Hoff nie.

³⁰⁾ Ds. J. P. Jooste: *Open brief aan ds. D. van der Hoff* (1871), bls. 2.

Later, toen ik inzag, dat de scheidings van de Synode eene gewenschte zaak was, heb ik ijverig daarvoor gewerk . . .

En wat betref die doel der scheidings, dat was niets anders dan eene uitmuntende sorg om de vryheid en de onafhankelikeid der emigranten te bewaren, maar niet zoosals gij herhaaldelik beweet, het invoeren van het liberalisme. Aan zulk een gruwel werd destijds volstrekt niet gedacht . . .

Uwe beleedigende taal, die gij voert teen die gansche gemeente van die Transvaal, alsof zij die onnoozelste en domste menschen waren, die zich zoo makkelik en zoo spoedig door mij om den tuin lieten leiden en die slechts met eenige vooroordeelen teen die Britsch gezag bezielde waren . . . ga ik met verachtend stilswijgen voorbij."³¹⁾

Ds. Van der Hoff het vir die Voortrekker-ideaal in Transvaal en teen die Kaapse Sinode gekies, en hiermee het hy hom die vyandskap van sinodale kant op die hals gehaal, 'n vyandskap wat hom baie leed en verdriet besorg het. Op die mees onedele wijze is hy bestry, hy is verdag gemaak, sy ordening in Holland is in twyfel gebring, op leerstellige gebied is hy verketter, in sy lewenswandel is hy aangerand. Hierdie verdagmaking wat onophoudelik teen hom gesaai is, het by sommige mense ingang gevind, waardeur twis en skeuring op kerklik gebied in Transvaal plaasgevind het. Maar ds. Van der Hoff het getrou gebly aan sy keuse en die Voortrekker-ideaal soos beliggaam deur generaal A. W. J. Pretorius, nie verloën nie.

Dit is te betreure dat die Kaapse kerklike voormanne die strewende van Andries Pretorius en sy mense in Transvaal nie kon of wou verstaan nie, waardeur daar ook 'n inwendige verwydering gekom het. As die Kaapse Kerk 'n welwillender houding aangeneem het, sou die verwydering nie ontstaan het nie. Maar in plaas daarvan is van buite af in Transvaal verdeeldheid gesaai. Met name word hier die ruwe en onsimpatieke ds. D. van Velden van Winburg genoem. Daar is nog briewe van hom voorhande wat hy onder die bevolking laat rondgaan het, in die Vrystaat teen die Republikeinse regering,³²⁾ en in Transvaal teen die kerklike bestuur.

³¹⁾ Ds. D. van der Hoff: *Open brief aan ds. J. P. Jooste in antwoord op den zijne van Mei 1871*, bls. 1, 2 en 12.

³²⁾ Na die totstandkoming van die Oranje Vrystaat as vrye Republiek, het president Hoffman 'n paar proklamasies uitgevaardig. In een het hy o.a. verklaar „dat alle Protestantse Eeredienste in dit land ongehinderd zullen toegelaten, en teen alle aanranding gewaarborgd worden,” en waarin die verwagting uitgespreek is dat die predikante deur hul optrede sal toon „gezante van Jezus en geen politieke agente te zijn.” Ds. van Velden het 'n Engelse bewind bo 'n Voortrekker Republiek verkies en het na die opheffing van die Soewereiniteit liever na die Kaapkolonie verhuis. Hy het gemeen dat hierdie proklamasie op ds. A. Murray be-

Die volgende brief van die Kaapstadse advokaat C. J. Brand, die vader van die latere Vrystaatse president J. H. Brand wat hy op 31 Januarie 1854 aan die Transvaalse Volksraad gerig het, getuig van 'n heeltmaal ander gees:

Voor het sluiten dezès verneem ik van de laaghartige poging die gedaan is geworden, om door een ongeteekende brief, de goede naam en karakter van uwen geachten leeraar bij ulieden in verdenking te brengen. Ik verheug mij dat ik dit voor het sluiten van dezen brief verneem, omdat zulks mij gelegenheid geeft, om U *mijn* raad te kunnen geven, de raad van een man die in de dienst van het publiek 60 jaren oud is geworden, en gedurende dat tijdvak rijpe ondervinding heeft opgegaard. — Mijn raad is deze: — Gij behoedt uwe kraal tegen de jakhals en de wolf, die 's nachts uw vee zoekt weg te roven; zoo ook waakt men voor den dief en den moordenaar, die 's nachts in uwe huizen komt om u te beroven; — Welnu, Mijne Geachte Vrienden, erger dan de jakhals en erger dan de wolf, en erger dan den dief en den moordenaar, is de *geheime* lasteraar, gelijk de schrijver van den brief tegen den Eerw. Heer van der Hoff aan u gericht. Wat ik u bidden mag laat dergelijke laster bij u geen ingang vinden. Wanneer het iemand is, die zelf openlijk voor den dag komt, hoort hem, — hoort beiden, en oordeelt dan; — maar — zoodra iemand niet zelf voor den dag durft komen, — zijn naam niet durft te noemen, — en onder bedekte namen, lasterlijke aantuigingen mededeelt, neem er dan, niet alleen geen kennis van, maar laat het ongelezen door Beulshanden openlijk verbranden. — Zoo doende ontnemt gij aan den lasteraar den moed, om zijn laster te herhalen, — gij toont der Wereld dat laster by U geen ingang vindt. — Wanneer echter de lasteraar ontwaart, dat zijn geschrift *eenmaal* gelezen en aangenomen wordt, dan herhaalt hij het, en — wie zegt dan dat men wel niet eens de wachters slapende vindt, — of dat de Bruiloft-

doel was wat na Engeland gegaan het om teen die loslating van die Soewereiniteit te pleit. Ds. van Velden het toe op 13 April 1854 'n brief aan die Winburgers geskryf om onder hulle te sirkuleer en waarin hy hulle teen die nuwe Republikeinse Regering gewaarsku het, en president Hoffman 'n „vuilen Proclamatiebraker” genoem het, sy proklamasie 'n „liederlijk schrijven” en die Republikeinse owerheid 'n „rot” wat „met beestachtige domheid en sluwe huichelarij” vervul is, en hulle „goddeloozen en huichelaars die rebellen en oproerlingen in de Kerk van Christus zijn — de kinderen des duiwels die God en zijne Gezalfde smaden, en die van den meer genoemden A. Murray, als van een verrader spreken en dat volkje is thans gebleven wat het was, en dezelfde kruisgezant Murray zal in hunne verzwaarde verdoemenis gerechtvaardigd worden ten dage als de vraag Hebr. 10:29 zal beantwoord worden.” Hy wil ds. Murray dan ook nie teen sulke „gespuis” verdedig nie. Verder het hy geskryf „het is mijne eigen eer en karakter als mens en leeraar te na, met zulk uitvaagsel van het menschelijk geslacht mij te bemoeijen”, en nog meer sulke ergerlikhede. Die oorspronklike brief van ds. Van Velden is in die Vrystaatse argief. Verder is dit afgedruk in *The Friend of the Sovereignty*, 1 Julie 1854, en dr. G. B. A. Gerdener: *Boustowwe*, bls. 124—126.

gasten, wel niet verzuimd hebben olie in hunne lampen te doen, — of — om duidelijker te spreken, wie waarborgt U, dat gij, aan zijn aanhoudend lasterlijk schrijven, niet eenmaal, in een onbedachtzaam oogenblik gehoor geeft? O Mijne Vrienden, de goede God behoeft U voor een zoo onwaakzaam oogenblik, want gij zoudt Uzelven, en Uwe maatschappij, daardoor de grootste rampen kunnen op den hals halen.

Ik wensch U integendeel met Uwen leeraar, (die ik hier heb leeren kennen, en hooren preeken) geluk. Acht en waardeer hem. Gij moogt God danken dat gij zoo een onder Uw midden hebt. Men verwijt hem dat hij te weeg gebracht heeft, dat gij U van de Synode van de oude Kolonie hebt afgescheiden, en eene eigene Synode in Uw republiek hebt daargesteld. — Indien hij daartoe heeft bijgedragen, dan heeft hij wel gedaan. Wij in de oude Kolonie hebben immers ook onder de Synode van Holland behoort; — wij hebben hier, ons immers ook van die Synode afgescheiden, en een eigen Synode opgericht. — Welnu, gij doet immers het zelfde bij U. — Wij blijven daarom tog allen van een geloof — Lidmaten der Nederduitsch Gereformeerde Kerk, zooals gevestigd door de Synode van Dordrecht, en de Heidelbergsche Kathicismus. — Gij hebt gelijk gehad dat gij een eigen Synode te Uwent hebt opgericht om daardoor Uwe kerken *plaatselijk* te bestuuren. Gij kunt desniettemin immers uit Holland Uwe predikanten beroepen, het geen ik U vooral raad, met overleg van Uwen leeraar, spoedig te doen, opdat gij voorraad hebt van geestelijke hulp, waarvan gij echter in het eenige gij nu bezit door den dood, het geen God verhoed! zoudt kunnen beroofd worden. Voor dat ik ga eindigen, — mag ik U verzoeken, mij met afschriften van Uwe Staats- en Wettelijke inrigtingen te willen mededelen. —

Ik verzoek mijn beste groete en hoogachting aan Uwen Leeraar en onder afbedding van Gods Zegen op U allen geloof mij nogmaals.

Uw opregte Vriend en landsman,

C. BRAND.³³⁾

Toe in 1854 en daarna uit Natal pogings aangewend is om die Suid-Oostelike hoek van Transvaal kerklik en staatkundig van Transvaal te vervreem en dit onder Natalse kerklike en Engelse invloedseer te bring, het ds. Van der Hoff in 1856 die volgende gedig gemaak waarin hy uitdrukking wou gee aan die Voortrekker-ideaal:

³³⁾ VR. 396/54.

DIGTERLIKE ONTBOESEMING VAN EEN OUD EMIGRANT.

Mijn zoon, als soms in later dagen
U iemand vraagt waarom Uw voorgeslacht
Zijn woning heeft verlaten,
En hier in 't woeste veld,
Waar leeuw en tijger huist,
Zijn tenten heeft gesteld,
Zoo antwoord vrij en onbeschoemd:
„Wij werden door den Brit gehoond.”
Want door zijn woest en dom geweld
Werd wit en zwart gelijk gesteld.
Gelijk gesteld? Neen, boven ons verheven
En d'onregtvaardigheid ten hoogsten top gedreven!
Wie dat verdragen kon, wij konden 't niet verdragen,
Maar wilden liever alles wagen, om onze vrijheid na te jagen.

Die vrijheid, o mijn zoon, wij hebben haar verkregen,
Verkregen door ons zwaard, geschonken door Gods zegen.
Beveel haar aan dien God, die haar ons heeft geschonken,
Zoo wordt gij nooit op nieuw in dwing'lands boei geklonken.
Maar ach, wat schand'
Komt over 't land!

Hoe treurt elk ware emigrant.
Daar sommigen, verhard in schrikk'lijk zonden kwaad
Nog dolen op het pad van list en snood verraad,
Bezielde door ouden wrok, of zucht naar meerder magt,
Partijhaat in de ziel, die wet en regt verkracht,
Treên zij op 't oude spoor, dat Natal ons ontroofde
En in zoo veler ziel den vrijheidsgeest verdoofde.
Het oud verraad broeit nog, dat ons in Boomplaats dreven
Den zegen weer ontnam, die eerst ons was gegeven;
Het oud verraad broeit nog, en fariseeuwsche list
Verspreidt nu over 't land den schandelijksten twist;
Want onder valschen schijn en ijver voor de eer
Van onze ware kerk en van haar reine leer,
Vercieren zij zich fraai met synodalen luister,
En smeden van dat goud een fraai vergulden kluister.

Hoe is het mogelijk toch!

Zichzelven en hun kroost op nieuw de kluisters smeden,
Die door ons zijn vertrapt, verbroken en vertreden.
Maar neen, de vrijheid die door God ons is geschonken,
Zij wordt nooit weer op nieuw in boei en dwang geklonken,
Zij is 't geschenk van God, zij is betaald met bloed,
Zij blijf' Uw erfenis, Uw onvervreemdbaar goed.

Die vraag na die verhouding tot die Kaapse Sinode het 'n twisappel in Transvaal geword waardeur daar verdeeldheid in die land gekom het. Hierdie twisappel is deur die Sinode self onder die Transvalers gegooi, en hierdie verdeeldheid is deur die Sinode gesaai. So het die Kaapse Sinodale Kommissie waarvan dr. W. Robertson die voorsitter was en dr. A. Faure die Skriba, in Januarie 1855 'n skrywe gerig aan die mense in Transvaal en hulle gewaarsku teen hulle eie Transvaalse kerk wat, as dit los staan van die Kaapse Sinode, nie meer die suiwere Evangelie sal verkondig nie.³⁴⁾ Dit was dieselfde soort waarskuwing as wat die Sinode in 1837 teen die Groot Trek gerig het en die Voortrekkers „Nomaden” genoem het en wat alles behalwe in simpatie daarmee was dat daar 'n selfstandige vrye Voortrekkerstaat moes wees, omdat weg van die Britse vlag en uit die Kaapse Sinode vir hulle 'n geestelike verval beteken het. Wat vreemd aandoen, is die bewering in daardie waarskuwing van die Sinodale Kommissie in 1855 dat hulle die belange van die Voortrekkers in Transvaal „altdy op het hart gedragen” het, en dit doen vreemd aan dat hierdie brief onderteken is deur dr. Wm. Robertson, dieselfde persoon wat as voorsitter van die Kaapse Sinode in 1837 die waarskuwing teen en afkeuring van die Groot Trek onderteken het, en wat in 1838 as predikant van Swellendam 'n skrywe onder sy gemeentelede laat rondgaan het waarin hy hulle teen die Trek gewaarsku het en in die moorde op die Voortrekkers in Natal deur die volk van Dingaan 'n bewys gesien het hoe God self teen die Groot Trek was; dieselfde dr. Robertson wat in 1848 die mense in die Vrystaat in opdrag van sir Harry Smith kom oortrou het, omdat sir Harry die huwelike wat deur die Voortrekker-landdroste gesluit is, nie wou erken nie. Dit doen vreemd aan dat hierdie brief van waarskuwing van 1855 ook mede onderteken is deur dr. A. Faure wat wel bereid was om na die anneksasie van Natal deur Engeland in 1843 na Natal te gaan om die mense te probeer beweeg om tevrede met die anneksasie te wees.³⁵⁾ Teen hierdie waarskuwing en bedekte

³⁴⁾ Afgedruk o.a. in *Elpis*, 1858, bls. 41—43.

³⁵⁾ Dr. Faure se biograaf sê hieroor die volgende: „Die reis na Natal het op 'n bitter teleurstelling uitgeloop — vir Faure self, die Kaapse kerk en die Engelse goewerneur. Faure het immers in belangrike opsigte groot skade aangerig. Hy het niks probeer doen om die kerk se houding teenoor die Groot Trek in 'n beter lig vir die boere te stel nie. Hy het hulle duidelik laat verstaan — in die privaat en die openbaar — dat die kerk nie kon afsien van sy standpunt dat hulle opstandelinge was nie. Hy het intendeel net waar hy kon die boere probeer wys dat hulle nie anders behoort te doen as na die Kolonie terug te gaan nie. Sy woorde het die boere net maar 'n groter wantroue vir die Kerk ingeboesem, en gemoedere van hom en sy sending vervreem. In hierdie opsig was die besoek vir die Kaapse kerk beslis nadelig . . . Een van die belangrikste redes van sy mislukking om die boere in die binneland te besoek, was by Faure self te soek. Hy het bevooroordeel in Natal aangekom. Hy was die afgesant van die Engelse goewerneur aan wie hy verslag moes doen. Daarom het Faure ook toestande waargeneem veeleer uit die gesigspunt van sir George Napier as van die Trekkers. Daarby het hy ook die gesag gedra van die Kaapse Sinode, wat hom teen die Trek uitgespreek het, en dat ander in-

dreigemente van die Sinodale Kommissie het die Algemene Kerkvergadering 'n herderlike skrywe aan die Transvaalse gemeentelede op 26 en 27 Desember 1855 gerig, wat bekend staan onder die naam *Een Stem uit Mooi-Rivier*³⁶⁾ en daarin word in verband met die verhouding tot die Kaapse Kerk o.a. gesê:

Al zijn wij namelijk in het uitwendig bestuur der kerk, in het huishoudelijke, ieder op zichzelf; de band van de eenheid des geestes, de band van ons gemeenschappelijk geloof, onze hoop en liefde is daarom door ons niet vaneen gescheurd. Wij hebben hier onze eigene kerk; wij zullen hare huishoudelijke belangen regelen; wij zullen opzigt houden over het gedrag en den wandel van de leden der gemeente, en met Gods hulp waken over de zuiverheid der leer. Dit opzigt kunnen, mogen, en willen wij niet uit onze handen geven, vooral niet aan eene Synode, die op bijna twee honderd uren afstands, haren zetel onder eene andere regering heeft, wier vertegenwoordigers Britsche onderdanen zijn, en door Britsch geld gesalarieerd worden, en altijd van die regering, hetzij veel of weinig, afhankelijk is, zooals wij hieronder zullen aantoonen. Met des Heeren hulp zullen wij dus opzigt over u houden en biddende waken. En al roept men u dan toe (zie Herderlijke brief van de Synodale Commissie, 1855): Waakt, waakt, uwe Kerk is in gevaar; al waarschuwt men u voor valsche leer, die vroeg of laat (hoe voorzigtig uitgedrukt!) onder u mogt insluipen; wij bidden u, weest toch voor die ijdele bedreigingen — als kinderen die zich voor een spook laten bang maken — niet vervaard!

Wie heeft uwe kerk bewaakt, oude emigranten, toen gij de wildernissen hier zigt binnengetrokken, en gij jaren lang zonder herderlijk opzigt waart? Wie heeft tot hertoe uwe leer zuiver gehouden? Heeft de Kaapsche Synode dat gedaan? Heeft zij, misschien ook, met het heilige oogmerk om uwe leer zuiver te doen blijven, u vooral in den beginne uwer emigratie met een bezoek van een paar leeraars vereerd? Vraagt het maar eens aan eenige oude emigranten, en die zullen het u wel zeggen, met welk oogmerk destijds het bezoek dier leeraars geschiedde. Doch wat houden wij u langer met zulke vragen op; geloofst vrij, als geen ander

vloede ook nie ontbreek het nie blyk uit die feit dat Andries Stockenström en dr. Philip onder die eerstes was wat Faure gelukkigwens het met die afluop van sy besoek. Dit kom werklik voor of hy hom nie kon indink in die posisie van die emigrante nie. Nêrens is daar bewyse van eerlik meegevoel met hulle in hul menigvuldige kwellinge nie: sy woorde van medelyde klink so uit die hoogte. Hulle was sy „arme misleide landgenoten,” en van hulle groot sug na onafhanklikheid, waarvoor hulle so veel geoffer het, het Faure blykens sy uitsprake niks aangevoel nie. H. A. Heyns: *Die Kerklike werksaamhede van Abraham Faure*, Argief-jaarboek 1950, I, bls. 80—81.

³⁶⁾ Herdruk in *De Geref. Kerkbode* 1856, bls. 347—353, *Elpis* 1858, bls. 47—60, en in *Die Hervormer*, 15 Sept. 1931, bls. 79—85.

wachter uw geloof bewaakt had, het zou er jammerlijk met uw geloof uitzien; geloof vrij, zoo lang als de Wachter Israëls niet slaapt of slumert, zoo lang als gij uwe Bijbels en de Geloofsleer der Gereformeerde Kerk achter dezelve gedrukt bezit, leest, onderzoekt en beoefent, zal niemand u, al kon hij ook de taal der engelen spreken, uw dierbaar kleinood, dat onwaardeerbaar geschenk onzer vaderen, de zuivere geloofsleer der Gereformeerde Kerk, kunnen ontnemen. Daarom verzekeren wij u, met uwen God in het oog en in het hart, en met uwen Bijbel voor u, is uwe kerk veilig en geborgen. Het is waar, er moet opzigt over de kerk zijn; maar ontbreekt het u hier dan aan opzigt? Hebt gij geen ouderlingen over uwe kerk? En waartoe zijn die ouderlingen? Leest achter uwen Bijbel het formulier der bevestiging van ouderlingen, en gij zult zien dat zij inzonderheid te waken hebben over de zuiverheid der leer. Vertrouwt gij die ouderlingen, die mannen uwer eigene keuze, vertrouwt gij ze niet? Hebben zij geen kennis genoeg? Maar waartoe stelt gij ze dan aan? Wordt hunne kennis vermeerderd, als onze Kerk onder de Kaapsche Synode staat? Geeft de Kaapsche Synode aan uwe ouderlingen helderder oogen, meer verstand, meer kennis? Neen immers, zij zijn en blijven dezelfde, hetzij buiten of onder de Synode.

In 1856 het die Kaapse Sinodale Kommissie twee predikante, ds. J. H. Neethling en ds. A. A. Louw na Transvaal gestuur waar hulle die gemeentelede teen die offisiële Transvaalse kerkbesture en kerkorganisasie probeer opmaak het, sodat M. W. Pretorius hom verplig geag het om in 'n brief aan president Boshoff van die Vrystaat te skryf dat as daar nie opgehou word deur predikante wat buitekant Transvaal is om hulle „met onze zaken” te bemoei, daar nog soveel verwarring kon kom dat dit nog op „broedertwist en broedermoord” kon uitloop, en verder het hy daaraan toegevoeg :

Bekend met vele der leeraars, die zich als vrienden van de emigranten hebben voorgedaan, is later gebleken, zij hunne invloed hebben aangewend de vrijheid der emigranten tegen te gaan, omdat zij geen heil in die vrijheid zien konden.³⁷⁾

Die fungerende kommandant-generaal T. F. Dreyer,³⁸⁾ het op 31 Julie 'n waarskuwing aan kommandant-generaal M. W. Pretorius gestuur en gesê dat dit tyd word om iets teen al hierdie inmenging van buite die grense van die land te doen, waarop hulle twee die hele land

³⁷⁾ R. 982/56.

³⁸⁾ Sien oor hom die *Almanak van die Geref. Kerk*, 1934, bls. 168—170, waar sy portret ook voorkom. Hy het by Zwartruggens gewoon en was later ouderling van die Geref. gemeente van Rustenburg. Net soos die ander mense wat in 1859 die Geref. Kerk gestig het en met name ook die latere president S. J. P. Kruger, was hy ook 'n besliste ondersteuner van die beleid van A. W. J. Pretorius en M. W. Pretorius om die Kerk in Transvaal nie onder jurisdiksie van die Kaapse Sinode te stel nie

deur byeenkomstes gehou het om die volk te raadpleeg. In oorleg met verskillende landdroste is daar sulke byeenkomstes op Potchefstroom, Suikerboschrand, Rustenburg, Pretoria, Mariko, Ondervaalrivier en op baie ander plekke gehou. Op al hierdie vergadering het die mense as met een stem verklaar dat hulle wel in 'n broederlike verhouding tot die Kaapse Kerk wou staan, maar glad nie onder die kerklike gesag van die Kaapse Sinode nie, en onder geen geval wou hul dat ds. Van der Hoff aan die Sinode verbind moes word nie.³⁹⁾

Pretorius het die uitslag aan Kommandant-generaals S. Schoeman van Zoutpansberg en W. F. Joubert van Lydenburg skriftelik meegedeel en hulle uitgenooi vir 'n volksverteenvoerwoordigende vergadering in Desember 1856 om 'n behoorlike wetgewing in te voer. Die uitslag was dat 'n nuwe grondwet vir die hele land aangeneem is, waarin die onafhanklikheid van die Kerk sterk beklemtoon is. Alleen Lydenburg wat 'n blanke bevolking van slegs 400 gehad het teenoor die res van die land, en waar die invloed van buite die land ingang gevind het, wou nie saam gaan nie, maar het hom afgeskei en in die jare 1857—1860 'n eie Republiek gevorm. Op die volksvergadering te Potchefstroom is 'n vlag aangeneem, die bekende Transvaalse Vierkleur waar ds. Van der Hoff die ontwerper van was. In die Potchefstroomse koerant *The Transvaal Advocate and Commercial Advertiser* van 23 November 1874 het hy die volgende simboliese beskrywing daarvan gegee:

Het Rood in de Vlag.

Zie daar de helder roode kleur boven aan. Die kleur is de bloedkleur; maar het is juist die bloedkleur, die elken tegenstander, elken vijand toeroept: met ons bloed zullen wij onze vrijheid verdedigen; ons bloed offeren wij voor onze vrijheid op!

Het Wit.

Ziet daar de reine witte kleur in het midden. Die kleur is het zinnebeeld van reinheid en zuiverheid van bedoelingen. Zij roept den vijand toe: als wij strijden voor onze vrijheid en ons bloed voor haar doen vloeijen dan hebben wij geen enkele onedele bedoeling; en als wij in dien strijd uw bloed doen vloeijen, dan zijn wij onschuldig aan dat vergoten bloed.

Het Blaauw.

Ziet op naar den hemel; naar dat blaauw des hemels, dat als een tentgordijn boven onze hoofden is uitgespannen. Dat hemels-

³⁹⁾ Sien o.a. die volgende stukke in die Transvaalse Argief. R.1205/56; R.1212/56; R.1213/56; R.1215/56; R.1217/56; R.1218/56; R.1221/56; R.1223/56; R.1226/56; R.1230/56.

blaauw is als het afschijnsel der Godheid die boven haar troont. En op die Godheid, zegt het blaauw in de vlag, stelt mijn volk zijn vertrouwen.

Heerlijke zinnebeelden! En nu sprak ik nog niet van het groen, waaraan die zinnebeeldige kleuren verbonden zijn en die haar nog heerlijker doen uitkomen. Het groen immers is de kleur der hoop en zegt dus als met duidelike woorden: wij hebben goede hoop, dat wij met Gods hulp, in reinheid en zuiverheid van beoelungen onze vrijheid zullen handhaven en bidden God dat geen menschelijke magt ons die vrijheid ooit ontnemen zal.

M. W. Pretorius is op die volksvergadering van Potchefstroom in Desember 1856 as Staatspresident gekies. Sy inswering en die hysing van die vlag het op 6 Januarie 1857 plaas gevind. Dit het op 'n baie plegtige wyse geskied.⁴⁰⁾ Om nege uur in die môre het die Volksraad in die landdroskantoor vergader en het toe vier lede met die sekretaris van die Volksraad afgevaardig om Pretorius by sy huis te gaan haal. Hulle het te perd gegaan en omtrent halftien het hulle terugekom. Daar was 'n baie groot menigte op die markplein teenoor die Hervormde Kerk bymekaar, waar hulle in twee geleedere geskaar was. Pretorius en die vyf lede wat hom gaan haal het, het tussen die menigte heen gery na die landdroskantoor waar die voorsitter van die Volksraad hulle ontvang het en in die kantoor geneem het. Toe hulle algar gesit het, het ds. Van der Hoff 'n plegtige aanspraak gehou tot die aanwesige publiek en daarna tot die President en lede van die Uitvoerende Raad, waarop die inswering van die President plaasgevind het. Onmiddellik daarna het die gewapende burgers onder leiding van die krygsoffisiere 'n paar sarsies afgeskiet en die kanon het gebulder, terwyl tegelykertyd die Vierkleur op die markplein gehys is. Daarna is die ander lede van die Uitvoerende Raad ingesweer, en toe is hulle in optog na die Hervormde Kerk. Ds. Van der Hoff het voorop geloop met mantel en bef aan, vergesel van 'n paar kerkraadlede, en daarna het die President en die lede van die Uitvoerende Raad gevolg, en dan die lede van die Volksraad en amptenare, en eindelijk die groot publiek. Op die markplein het hulle die Vierkleur met ongedekte hoofde verbygegaan. In die kerk het ds. Van der Hoff die kansel bestyg, waarop hy 'n treffende gebed uitgespreek en 'n plegtige redevoering gehou het, en aan die end het die skare president Pretorius die laaste vers van Psalm 134 toegesing. Hierop is hulle na buite en het die President 'n hartlike toespraak gehou tot sy vroeëre krygsoffisiere en tot die publiek, waarop hulle hom gelukkigwens en toegejuig het. Die kanon is weer afgeskiet, en weer is 'n paar sarsies gemaak, waarop die stoet in dieselfde volgorde na die kantoor terug is. Toe hulle by die Vierkleur kom, het ds.

⁴⁰⁾ 'n Verslag van hierdie plegtigheid kom voor in *De Zuid-Afrikaan*, Feb. 1857, herdruk in *De Hervormer*, 23 Julie 1926, bls. 21—22.

Van der Hoff weer 'n toespraak gehou, wat hy geëindig het met die volgende „vlaggelied”, spesiaal vir hierdie geleentheid deur hom gemaak:

Vivat de vlag! Vivat de vlag!
Door vryheid hier geplant!
Waai rond door Zuid'lijk Afrika
Van Oost- tot Westerstrand.

Waai onbezoedeld schoon en rein,
En wapper ook op zee;
Vertoon u aan der volk'ren oog
Tot aan de verste ree.

God zij met u — God zij met u,
Gij maagdelijke vlag,
En met het volk, dat u verkoos
Tot aan den jongsten dag!

Die publiek het toe luidkeels belooft om die vlag te beskerm, en daarna is daar weer 'n paar sarsies afgeskiet en drie hoera's geroep. Onder onophoudelike geskiet is die stoet na die kantoor terug. Dit was 'n groot dag, 'n dag vol belofte vir die toekoms.

Op 23 Februarie is die Vierkleur op Pretoria en op 9 Maart op Rustenburg gehys. Ds. Van der Hoff was by altwee hierdie geleenthede aanwesig. Hy het die mense op die hart gedruk om eensgesind te wees en hulle as een man om die vlag te skaar, en het die seën van omhoog afgesmeek en met die genoemde „vlaggelied” geëindig. As besonderheid vir die toestand van daardie dae kan gemeld word dat die Rustenburgers vir hulle vlag nie rooi doek kon kry nie en toe maar bruin daarvoor in die plek geneem het. By die geleentheid van die hysing in Pretoria is die eerste kerkgebou ingewy en het die sesde Algemene Kerkvergadering daar saamgekom.

Ds. Van der Hoff het dit raak gesien dat dit noodsaaklik was dat Transvaal groot en sterk moes word, om sodoende so veel as moontlik te voorkom dat dit nie vroeër of later onder Britse gesag sou raak nie. Een van die middels hiervoor was om 'n sterk stroom immigrante uit Nederland te kry, die enige land waar werklik vriende gevind kon word. In Oktober 1858 het hy 'n brosjure opgestel met die titel *Een woord tot aanmoediging voor landverhuizers naar de Zuid-Afrikaansche Republiek door een Hollander die reeds geruime tijd in die Republiek woont.*⁴¹⁾ In vergelyking met die Oranje Vrystaat beskou hy dat die onafhanklikheid van die Boere die beste in Transvaal gehandhaaf word, want in die Vrystaat het president Boshoff 'n noue

⁴¹⁾ Lautsargief no. 1292. Hierdie brosjure is egter nie gedruk nie, en alleen in manuskrip voorhande.

samewerking met die Engelse Kaapkolonie voorgestaan, waarvan die gevolge moet wees dat daardie twee lande vroeër of later onder Britse gesag sal verenig. Transvaal was vir hom dan ook die land waar die Voortrekker-ideaal van staatkundige en kerklike onafhanklikheid die beste verwesenlik kon word.

De onafhankeljkheid van die republiek is beter gevestigd, en wel om de eenvoudige rede dat in die republiek de eigenlijke kern van de Kaapsch-Hollandsche boeren woont, een soort van menschen waar het Engelsch gouvernement liever mee zal eten als vechten of proberen om onder het juk te brengen. Met een woord het is nog een vrij volk en niet zoo vermengd met Engelschen als in den Oranje Vrijstaat. Om nu die onafhankeljkheid en vrijheid van de Zuid-Afrikaansche Republiek duurzaam en vast en bestendig te maken, weet ik geen beter middel dan dat hier de Hollanders, wier hart nog van ware vrijheidsliefde klopt en die afkeerig zijn van Engelsche overheersing en van Engelsche trots, dat zulke Hollanders hier in menigte naar toe stromen; doch liefst protestanten.

Meermale het ds. Van der Hoff sy warm gevoel vir die Voortrekker-ideaal in digvorm uitgedruk. 'n Paar gevalle is reeds vermeld. Toe die ontdekkingsreisiger en geoloog Carl Mauch in 1868 aangetoon het dat daar goud in die land is, en toe daar sprake was om die goudhoudende gebiede te ontgin, het ds. Van der Hoff dadelik raak gesien dat dit naas die groot ekonomiese voordele vir die land tog ook die gevaar inhou dat die uitlander en spekulant wel daarvan sou profiteer terwyl die „zonen van Transvaal”, die ou bevolking wat die land skoongemaak het, sou agter bly. Hy het sy gevoelens hieroor in die Potchefstroomse koerant, *De Argus* van 12 Februarie 1868, in die volgende gedig uitgedruk, waarin hy die „zonen van Transvaal” wou aanmoedig om aan die ontginning deel te neem :

TRANSVAALSCH GOUDGRAVERS LIED.

In den grond van 't vrij Transvaal
Is te vinden
't Lieve goud, dat schoon metaal,
Komt dan vrinden!
Delven wij met lust en moed,
Laat ons graven!
Hier is goud in overvloed
Voor de braven!

Karel Mauch ging moedig voor
Naar die streken,
Broeders op dan, op zijn spoor!
Fluks aan 't breken!
Beukt de rotsen dat het kraakt!
Zoekt in holen,
Waar het goud, dat men naar haakt,
Ligt verscholen.

Op dan, moedig vrolijk heen!
Naar die gronden,
Waar het goud in zand en steen
Wordt gevonden.
Als men daar naar 't goud, zoo schoon,
Wil graven,
Dan is rijkdom 't zeker loon
Van de braven!

Op dan zonen van Transvaal,
Doet u gelden!
Dorst gij niet naar 't schoon metaal
In uw velden?
Laat gij 't goud, dat zoo bekoort,
Aan de braven,
Die van elders, uit elk oord,
Komen graven?

Neen, dat nimmer, neen, o neen!
Gij gaat zelven
Vrolijk ook naar 't goudveld heen
En aan 't delven!
Dan vlugt d'armoed' uit uw land,
Met haar lijden
En gij kunt in rijken stand
U verblijden!

Die onafhanklikheid en die vryheid van die Republiek het ds. Van der Hoff na aan die hart gelê, en toe die Engelse intriges in 1876 so sterk was dat die skerpsinnige waarnemer kon sien dat die bestaan van die Voortrekker Staat in gevaar begin kom het, het hy in *De Volkstem* van 16 Desember 1876 die volgende waarskuwing onder die naam *Schildwag* geskryf:⁴²⁾

⁴²⁾ Vryburg is in die vroeëre jare, reeds vanaf 1847, soms as naam vir Potchefstroom gebruik, ook deur die Volksraad en die landdros, sien *Volksraadnotule* 1845—1850 (S.A. Argiefstukke, Transvaal No. 1), b's. 81, 229, 241; *Voortrekker Argiefstukke* 1829—1849, bls. 194; *Transvaalse Argiefstukke* 1850—1853, bls. 245. In 'n brief aan dr. Faure op 15 Junie 1853 skryf ds. Van der Hoff „Vryburg aan Mooirivier (de officiële naam is Potchefstroom).” Die dreigende anneksasie-wolke het hom in 1876 weer hierdie naam laat gebruik.

EENE STEM UIT VRIJBURG.

Hoelang zal onze vrijheid nog duren? Zoolang als Engeland het toelaat, wordt er geantwoord door hen die de politiek van dat magtige rijk meenen te doorgronden. Zij redeneren aldus :

- 1e. Het monarchale Engeland is in beginsel gekant tegen elken Republikeinschen Regeringsvorm.
- 2e. Gaarna grijpt het elke gelegenheid aan om Staten, die zulk een vorm van bestuur hebben, afbreuk te doen, en zoo mogelijk, dezelve ten onder te brengen, getuige het gedrag van Engeland tegenover de Vrije Staten van Noord-Amerika tijdens den burgeroorlog aldaar (gelukkig is zijn toeleg verijdeld geworden door de energie en eendragt der Noordelijke Staten en de straf zijner misdadige bedoelingen is niet achterwege gebleven. Die hatelijke politiek heeft Engeland millioenen ponden gekost).
- 3e. Engeland heeft reeds sedert lang berouw dat het aan de uitgewekene boeren over de Oranje- en Vaalrivier toegelaten heeft twee Vrije Staten aldaar te vormen. Dat was een kolossale misslag en die moet, het koste wat het wil, hersteld worden.
- 4e. Men is tot dat einde begonnen :
 - a. Met de Basutonatie tot Britsche onderdanen te proclameren;
 - b. Met de Diamantvelden, onder den naam van Grikwaland West tot eene Britsche Kolonie te verklaren. Door die beide onwettige en op gewelddadige wijze tot stand gebragte handelingen is de Vrijstaat totaal en onze Republiek aan de Westzijde gedeeltelijk ingesloten;
 - c. Onder voorwendsel dat Secocoeni een onafhankelijk bevriend opperhoofd is wordt hij onder Britsche bescherming genomen en de Transvaal wordt alzoo aan hare Oostelijke grenzen vastgekeerd;
 - d. Men vormt reeds het plan om alle Naturellestammen tot aan de Zambezie toe onder dezelfde protectie te plaatsen en het lijdt geen twijfel of dat plan zal spoedig ten uitvoer gebragt worden, en dan zijn wij afgesloten van de Noordzijde en zoo dus van alle kanten ingesloten;
 - e. Men wil met ons confedereren met geen ander doel dan ons te anexeren.
- 5e. Het belang van Engeland brengt mede om geheel Zuid-Afrika eigenmagtig te regeren en zoo hetzelfde tot eigen voordeel te exploiteren. Tot dat einde sloeg men reeds voorlang een begeerig oog op Delagoabaai aan de Oostkust en wist men Holland over te halen om afstand te doen van zijne bezittingen aan de Westkust.
6. Waar dat belang van Engeland in het spel komt, ontziet men geen middelen, hoe onwettig en afgrijselijk die ook zijn. De hulp aan de slaven-houdende Staten van Noord-Amerika betoond getuigt

daarvan luide. Elders verkwist men millioenen ponden om de slavernij af te schaffen en daar begunstigde men de slavernij. En heden ten dage neemt men het slavenhoudende, fanatieke, anti-christelijke Turkije in bescherming, terwijl dat Rijk intusschen bezig is om zijn slavische onderdanen bij duizenden te slagten en het overschot dier ongelukkige christenslaven het slavenjuk met nog drukkender zwaarte op den nek te leggen!!!

- 7e. De Transvaal wordt rijp om geannexeerd te worden. Bij honderden kan men hier reeds de inwoners tellen die daar voor zijn. Men wil de *vrije* boeren tot *British subjects* hervormen. Voor hen zal die hervorming een ondragelijk juk zijn, — en hoe en waarheen zullen zij 't ontvlieden? Ten Noorden van de Zambesie, ja nog verder op de woestijnen in, zullen zij moeten heenvlieden, om toch later, als zulke een tweede exodus hun mogt gelukken, weer door den Britschen leeuw achtervolgd en gegrepen te worden. Arme boeren, als het zoover komt, zijn zij diep te beklagen!
- 8e. De overige inwoners, die niet voor annexatie zijn, ofschoon nog bij duizenden te tellen, zijn voor een groot gedeelte met blindheid geslagen en zullen wellicht blindelings in den val geleid worden. Ik bedoel voornamelijk dat gedeelte dat zich thans door de drijvers der Anti-Burgerspartij laat medeslepen. 't Is dat gedeelte vooral, dat onwillig is om de oorlogs- en belastingen te betalen. Volhardt men in die onwilligheid, dan komt er onvermijdelijk oproer, burgeroorlog welligt en in alle gevallen zeker verwarring, ordeloos- en Regeringloosheid. Van dien ongelukkigen toestand zullen de bovengenoemde drijvers partij trekken door in te roepen de hulp van het Britsche Gouvernement. En dan? . . . dan is het gedaan met onze vrijheid.

Merk dat op, onwillige!

Hoelang zal onze vrijheid nu nog duren?

Zooals de zaken thans zich voordoen, misschien geen jaar meer.

Er bestaat echter nog kans, dat die zaken een anderen loop zullen nemen.

Ja, God dank, er is nog kans dat onze vrijheid bewaard en onze Republiek in stand gehouden wordt!

Maar dan moeten

- 1e. De onwilligen bovengenoemd gewillig worden en hoe eer hoe beter de hen wettig opgelegde belastingen betalen; door het bovenstaande goed te overwegen en ook door in te zien dat hun: „ik wil niet” gelijk staat met de kreet van: „Weg met de Republiek”.
- 2e. Zij moeten met hunne gewillige broeders zich als één man scharen onder de banier van Burgers, want hij is de man die onze vrijheid liefheeft en daarvoor zelfs zijn leven in de waagschaal durft stellen.

3e. Dat schoone en edele voorbeeld moeten allen, die de Republiek beminnen, navolgen, en dan zullen wij, in spijt van Engeland, de vrijheids-vaan hoog ten top voeren en dan zullen de vrijheid-lievende volken juichen en blijde instemmen met den wensch van onze magtige Zuster-Republiek Amerika, namelijk dat ook wij, evenals zij, nog eenmaal het onuitsprekelijk zalig geluk mogen smaken, van het honderjarig bestaan onzer Republiek te mogen vieren. Dat geve God Almagtig en Hij doe daar nog duizende jaren aan toe.

Ik eindig met het oude vlaggelied,

Vivat de vlag! vivat de vlag! door vrijheid hier geplant!
Waai rond door Zuid'lijk Afrika van Oost- tot Westerstrand,
Blijf onbezoedeld, rein en schoon en wapper ook op zee,
Vertoon U aan der Volk'ren oog tot aan de verste ree.
God zij met U — God zij met U, Gij maagdelijke vlag,
En met het volk, dat U verkoos, tot aan den jongsten dag.

Leve de Republiek!!!

SCHILDWACHT.

Die anneksasie van die Republiek deur Engeland was vir ds. Van der Hoff 'n bittere teleurstelling. Toe die Eerste Vryheidsoorlog in 1880 uitbreek het, kon hy dan ook nie anders as om hom ten volle met die Boereszaak te vereenselwig. Hy was liggaamlik al oud en ver-swak en kon moeilik meer loop, sodat hy op 16 Desember dan ook nie meer na die groot Volksbyeenkomste op Paardekraal kon gaan nie en dus nie teenwoordig kon wees toe besluit is om die Republiek te herstel. Maar toe die Boere kort hierop Potchefstroom binnegestorm het om die dorp in besit te neem, het hy op die stoep van die pastorie heen en weer geloop om te sien of hy nie iets kon doen om te help, en het onder 'n koeël-reën na die Hervormde kerkgebou gegaan om dit oop te maak sodat die Boere daar posisie kon neem.

Die afloop van die oorlog is bekend. Ds. Van der Hoff het hom oor die herstel van die Republiek baie verheug en in *Die Afrikaanse Patriot* van 6 Mei 1881 het die volgende brief van hom verskyn :

Toen in Desember, te Paardenkraal, de Transvaalsche burgers besloten hadden de Republiek weer op te richten, stond de gansche schaar van menschen rondom den vlaggepaal, waaran de Transvaalsche vlag wapperde, en bij dien paal ligt een zeer groote klip. Daar werd de proclamatie voorgelezen, het Driemanschap en krijgsofficieren gekozen, en toen dat geschied was nam de heer Piet Joubert nog voor het laatst het woord en zeide onder andere : Een ieder die met hart en ziel onze gemeenschappelijke zaak voorstaat en de Republiek, met Gods hulp, hersteld wenscht te zien,

drage een klip aan en voege hem bij dezen grooten klip alhier, en dit zij tot een gedenkteeken gewijd van ons verbond, dat wij met elkander, in den naam des Heeren, gesloten hebben. Toen werden er een menigte van klippen aangebracht, maar niet allen konden het doen; evenwel werd het een groote stapel. Nu is men van plan als de Regering der Z.A. Republiek werkdadig is opgetreden, een algemeenen dank- en bededag te houden en daartoe al de blanke bewoners der Republiek uit te noodigen, en wel te Paardenkraal, en bij bovengenoemden paal een klip aan den reeds aanwezigen stapel toe te voegen, ten einde zoo doende een groot, duurzaam gedenkteeken op te richten, en tevens een ieder in de gelegenheid te stellen zijne goedkeuring aan de volbrachte, schoone taak te schenken.

By die gelegenheid nu zullen de twee bijgaande lofzangen gezongen worden.

Wees zoo goed, heer editeur, dit schrijven met de liederen in Uw blad te plaatsen.

Als ge aan uwe intekenaars alhier eenige afdrukken der liederen zoudt willen toezenden, zult gij hen en ook ondergeteekende daardoor zeer verplichten.

Die twee lofsange is die volgende :

EERSTE LOFZANG.
Wijze: Gezang 13.

Loof God, Transvaal! met hart en mond,
Hij is Uw lofzang waard!
Hij is Uw rots, Uw steun, Uw kracht,
Uw Redder in den nood!

Hij strijdt met U den schoonen strijd,
Voor Vrijheid en voor Recht,
En keer op keer, tot Viermaal toe,
Verslaat gij Eng'lands macht.

't Bronkhorstspruit en Drakensberg
Waar God zijn wond'ren deed:
Hij liet U zien wat Hij vermag,
Wanneer men Hem aanbidt.

Want biddend ging Transvaal ten strijd
En keerde dankend weer:
Brittanjes krijgsmagt lag geveld,
Ontzield door 't doodend vuur.

Toen gaf de Brit de vrijheid weer
Aan 'n vrij Transvaalsche Volk!
God geef', zoolang de zon nog schijnt,
Waai hier, Transvaal, Uw vlag.

Vivat die vlag, vivat die vlag!
O waai met roem en eer,
Hier in ons vrij gevochten land,
Gekocht met goed en bloed.

Niet ons, den Heer alleen zij eer!
Loof hem met hart en mond!
Hij is Uw trots, Uw steun, Uw kracht,
Uw Redder in den dood.

TWEEDE LOFZANG.
Wijze: Psalm 42.

't Heilig koor der reine zielen,
Voor Gos hoogen troon geschaard,
Bidt bij 't zingen nederknielen,
Voor ons hier bijeenvergaard:
„God, Gij hebt Uw volk gered
Uit den nood, op hun gebed!
Schenk hen nu ook macht en eere,
Voorspoed, vreed' en eendracht Heere.”

Uw gebed, O, hemellingen,
Is door ons met vreugd gehoord,
Zoodat wij nu biddend zingen,
Opgeruimd en ongestoord:
„Gods des Vredes, U zij eer'
Zie ontfermend op ons neer!
Blijv' ons door Uw magt bewaren,
God, O Heer der Legerscharen!”

Maar hierdie dankfees op Paardekraal het ds. Van der Hoff nie meer beleef nie, ruim twee maande vantevore, op 9 Oktober 1881, is hy gestorwe. Hy was vir geruime tyd liggaamlik al so verswak dat hy sy dienswerk nie meer behoorlik kon verrig nie. Sy laaste kerkviering was op 1 en 2 Oktober. By hierdie geleentheid het hy nog drie-en-sestig nuwe lidmate bevestig en meer as vyftig kinders gedoop. Hy was so swak dat hy nie meer kon staan as hy preek nie. Die kerkraad het toe in die preekstoel 'n stoel op 'n verhoging geplaas sodat hy gesit en preek het. Sondagmiddag, toe hy die dankseggingsdiens moes hou,

was hy so swak dat diaken Henning Visser saam met hom van die pastorie na die kerk geloop het met 'n stoel, en kort-kort moes hy eers gaan sit. Sy preek die middag, sy laaste preek, was oor die woorde van Jesus aan Petrus: „Simon zoon van Jona, hebt gij mij lief?” Maandag sou daar nog eers kerkraadsvergadering wees, en na gewoonte het die kerkraad saam met hom aan 'n lang tafel in die pastorie geëet. Hy kon die vergadering egter nie hou nie en het dit vir 'n veertien dae uitgestel. Maar hy het op dieselfde dag aan die heer Visser en ander gesê dat hy ook dan die vergadering nie sal kan hou nie, want hy sou dan reeds dood wees. Op Vrydag, die 7de, kon hy sy bed nie meer verlaat nie. Sy spraak was belemmerd, en dit was asof hy nie heeltemaal helder in sy hoof meer was nie. Sondagmiddag het hy stil gesluimer en om vieruur sy laaste asem uitgeblaas.

Ds. Van Warmelo het, toe hy van die dood hoor, dadelik na Potchefstroom gespoed en die begrafnis gelei, wat onder 'n verbasend groot belangstelling plaasgevind het.

Ds. Van der Hoff was 'n begaafde en talentvolle prediker. In sy lewe is hy baie aangeval en belaster; maar die mense wat hom van naby geken het, het hom liefgehad en het geweet dat sy vyande daarop uit was om hom kwaad te doen. Sy vyande was ook die vyande van die Hervormde Kerk.

Gedurende sy ampsbediening in Transvaal het hy 13,720 kinders gedoop, 6,114 lidmate aangeneem, en 1,486 pare in die huwelik bevestig.

Ds. Van Warmelo het nog in dieselfde maand van sy dood 'n brosjure, *Een herinnering aan Ds. Dirk van der Hoff*, laat druk. Dit is vandag besonder seldsaam en word daarom in hierdie uitgawe van die Herv. Teol. Studies herdruk.